S. Store 326 : 323.2 (68232)
COM.

VOLUME 5 = PAGES 326 – 414

# VOLUME 5

## PAGES 326 – 414


| | | | |
|---|---|---|---|
| 19/10/60. | Court's statement on inspection in loco | | p. 326 |
| 9. | Lobwadoyne, M.A. | Ev. chief | p. 327 |
| | | Objection to evidence re statement of No. 3 accused | p. 340 |
| | | Cross-examination [illegible] | p. 393 |
| | | " No. 1 | p. 394 |
| | | " No. 3 | p. 402 |

19TH OCTOBER, 1960.

COURT RESUMES : PARTIES AS BEFORE.

BY THE COURT:

I think it would be convenient at this stage to place on record that the Court conducted a general inspection of certain points in Sharpeville Location, and intimated to all concerned that the inspection was for the purpose of enabling the Court to follow the evidence which is to be presented more easily.

Now, all the apoints we saw, or rather the majority of them, I believe are clearly shown on photographs, plans and so forth which are still to be handed in. Of the undefended accused there were two who wanted to show me particular points. Accused No. 1 showed me a certain point on the tarred road, more or less just to the west of the western gate in front of the hostel, and opposite the two stay-wires of a telegraph or electric pole - I am not sure which - as being the point where he says he was arrested. Accused No. 3 showed me a cut in the top wire of a fence, which is to the west of the ground enclosing the police station. He particularly drew attention to the fact that this cut or fracture of that wire was apparently quite fresh today.

Otherwise I do not think it is necessary at this stage to place on record, as far as I am concerned, any other of the facts or the places which I was shown or that I saw, but I will afford the Prosecutor, Counsel and the unrepresented accused to place on record now anything more they think should be placed on record.

BY THE PUBLIC PROSECUTOR: There is nothing I would like to add Your Worship.

Accused/....

**ACCUSED NOS. 1, 3, 4, 8, 38 AND 39:** There is nothing we want to be placed on record.

---

**MACHIEL ANDRIES LABUSCHAGNE**, beëdig verklaar:

**VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:**

Mnr. Labushagne, is u die Superintendent van Sharpeville Naturelledorpsgebied geleë in die distrik van Vereeniging, Streeksafdeling van die Suid-Transvaal? --- Ek is Edelagbare.

Hoe lank is u nou in die posisie van Superintendent? --- Ek is ongeveer vier jaar Superintendent van Sharpeville Naturelledorp.

En hoeveel jaar altesaam het u diens by die Vereeniging Munisipaliteit? --- Ek is nou dertien jaar by die Stadsraad van Vereeniging.

En watter pligte het u uitgevoer voordat u Lokasiesuperintendent geword het? --- Met my aanstelling was ek eers Toestromingsbeheerbeampte, daarna Inspekteur, daarna Senior Inspekteur, en toe Lokasiesuperintendent van die oullokasie, en vir die afgelope vier jaar Lokasiesuperintendent van Sharpeville naturelledorp.

Se u hele loopbaan in Vereeniging was in die naturelle-afdeling van die munisipaliteit? --- Edelagbare, nee. Voor dit was ek eers in die speurdiens.....

Nee, dit is net u diens in die Vereeniging munisipaliteit. U hele loopbaan hier, was u in die naturelle-afdeling? --- Dit is korrek.

En gedurende u loopbaan hier in Vereeniging, het u baie of seldê in kontak met die naturelle gekom? --- Seker elke dag in die dertien jaar Edelagbare.

en En/....

En voor dit waar was u in diens? ---Ek was lid van die Suid-Afrikaanse Polisie.

Hoeveel jaar diens het u gehad in die Polisiemag? --- Agt jaar.

Agt jaar? --- Ja.

En watter rang het u beklee toe u bedank het? --- Ek was 'n speurder.

Nou, kan u enige naturelletale praat of verstaan? --- Edelagbare, ek verstaan Sesuthu.

Nou, ek verstaan in Sesuthu is daar twee tale. Daar is die noordelike Sesuthu, wat bekend is as Sepedi, en dan die suidelike Sesuthu? --- Ja, dit is noordelike Sesuthu.

Wat u ken? ---Ja.

Is daar 'n groot verskil tussen die twee mnr. Labuschagne? ---Ja, daar is nogal Edelagbare.

En kan u enige van die suidelike Sesuthu verstaan? --- Ja, maar baie min.

En enige ander naturelletale behalwe die wat u reeds genoem het? --- Nee.

Nou, wanneer is die laaste sensus, of wanneer is die laaste syfers beskikbaar vir die populasie van Sharpeville naturelledorpsgebied? --- Edelagbare, ek stel 'n verslag op aan die einde van elke maand.

Nou, die einde van Februariemaand hierdie jaar, 1960, kan u sê hoeveel naturelle daar in Sharpeville was? --- Ongeveer 36,000.

En van watter stam of taalgroep is dit? ---Omtrent % behoort aan die Suthu groep.

Watter Suthu groep is dit, die noord of die suid? Die suid Suthu groep.

En dan, watter ander stamme is daar? --- Dan is daar/....

En voor dit waar was u in diens? ---Ek was lid van die Suid-Afrikaanse Polisie.

Hoeveel jaar diens het u gehad in die Polisiemag? --- Agt jaar.

Agt jaar? --- Ja.

En watter rang het u beklee toe u bedank het? --- Ek was 'n speurder.

Nou, kan u enige naturelletale praat of verstaan? --- Edelagbare, ek verstaan Sesuthu.

Nou, ek verstaan in Sesuthu is daar twee tale. Daar is die noordelike Sesuthu, wat bekend is as Sepedi, en dan die suidelike Sesuthu? --- Ja, dit is noordelike Sesuthu.

Wat u ken? ---Ja.

Is daar 'n groot verskil tussen die twee mnr. Labuschagne? ---Ja, daar is nogal Edelagbare.

En kan u enige van die suidelike Sesuthu verstaan? --- Ja, maar baie min.

En enige ander naturelletale behalwe die wat u reeds genoem het? --- Nee.

Nou, wanneer is die laaste sensus, of wanneer is die laaste syfers beskikbaar vir die populasie van Sharpeville naturelledorpsgebied? --- Edelagbare, ek stel 'n verslag op aan die einde van elke maand.

Nou, die einde van Februariemaand hierdie jaar, 1960, kan u sê hoeveel naturelle daar in Sharpeville was? --- ongeveer 36,000.

En van watter stam of taalgroep is dit? ---Omtrent ...% gehoort aan die Suthu groep.

Watter Suthu groep is dit, die noord of die suid? --- Die suid Suthu groep.

En dan, watter ander stamme is daar? --- Dan is

daar/....

daar Nguni, ongeveer 20%, en die res is ander.

Nou, 'n man wil nou byvoorbeeld in Sharpeville naturelledorpsgebied woon, hoe moet hy aansoek doen om daar te woon? Watter aansoek moet hy aan u rig? --- Edelagbare, enige Banteoman wat voel hy is geregtig op huisvesting moet by die Lokasiesuperintendent se kantoor skriftelik aansoek doen.

U is seker bewus van die feit dat alle naturelle bo 'n sekere ouderdom moet die sogenaamde "verwysingsboekie" dra of in besit daarvan wees? --- Dit is korrek.

Nou, voordat 'n man goedkeuring kry om in die naturelledorp woon, moet hy daardie boekie toon of melding maak daarvan? ---Ja, op die aansoekvorm wat voltooi word in die kantoor word voorsiening vir sy nasionale identiteitsboekie se nommer.

Maar byvoorbeeld as 'n naturelleman nie so 'n boekie het nie, sal hy nog toestemmingkry om in die dorp te woon? --- Nee, hy word eers verwys na die Banteosakekommissaris, om eers sy boek in orde te kry, voordat die aansoek oorweeg word.

So kan ek dit aan u stel mnr. Labuschagne dat al die wettige inwoners- ons sal dit so stel - die wat toestemming gekry het, daar issseker gemaak dat hulle in besit is of dat 8n boekie aan hulle uitgereik is voordat hulle daar kan woon? ---Ja.

DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Edelagbare, voordat ons verder gaan sal dit miskien wenslik wees om die planne in te handig. Ek vra die Hof se toestemming om die planne nou in te handig. Die Kroon sal later die getuies roep om te sê dat hulle die kiekies geneem het.

(Die Verdediging het geen beswaar dat die bewysstukke nou ingehandig word nie.).

Deur/....

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Bewysstuk 1 Edelagbare is 'n lugfoto van Sharpeville naturelledorpsgebied.

DEUR DIE HOF:

Sal die getuie dit net identifiseer? Hy kan net sê of dit so is. ---Ja, dit is reg.

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

En bewysstuk 2 is 'n fotostatiese afskrif van bewysstuk 1.

DEUR DIE GETUIE:

Edelagbare, ek herken albei as fotos van Sharpeville naturelledorp.

VERHOOR VERVOLG:

Nou bewysstuk 1 en bewysstuk 2 is presies dieselfde gemerk? ---Ja.

In watter rigting lê die dorpsgebied in verband met Vereeniging? --- Sharpeville naturelledorp lê in 'n westelike rigting.

DEUR DIE HOF:

Wes van Vereeniging? --- Ja.

VERHOOR VERVOLG:

Kan u sê mnr. Labuschage, hoe ver dit is van die laaste gebou in die dorp self, d.i. Vereenigingdorp, tot by die uitdraaipad na Sharpeville naturelledorpsgebied? --- By die uitdraaipad?

Ja, die uitdraai pad? --- Dit is nie 'n myl nie, maar dit is ongeveer twee myl tot by die ingang van die lokasie.

DEUR DIE HOF:

Die ingang van die lokasie - dit is meer of min daar by die woorde „Kantore en biersaal"? --- Dit is korrek.

**VERHOOR VERVOLG:**

En die hoofpad loop min of meer van oos na wes? --- U meen in die lokasie?

Ja, dit is by "Seilisestraat"? --- Ja, nie heeltemal nie, maar amper.

En daardie straat, Seilisestraat, dit het elektriese ligte? ---Ja.

Nou, die eerstegeboue wat 'n mens raakloop as jy met daardie pad ry van Vereeniging na die dorpsgebied, is die munisipale kantore, wat gemerk is "kantore" op bewysstuk 2? --- Dit is die eerste geboue aan die regterkant daar.

Nou, het weskant is daar die biersaal? Is dit die hoof....? --- Dit is die hoof..., dit is die bierbrouery Edelagbare, en ook eethuise, Bantoe eethuise.

En dan die volgende gebou aan die noordekant van die pad, d.w.s. die regterhandse kant as jy in 'n westelike rigting ry, is 'n hostel? --- Die hostel ja, die enkelkwartiere vir alleenlopende Bantoes. Dit is die enkelkwartiere vir alleenlopende Bantoemans Edelagbare.

En omtrent hoeveel het daar gewoon gedurende Maartmaand? --- Ongeveer 1,700.

**DEUR DIE HOF:**

Die enkelkwartiere vir alleenlopende mans is gemerk met die woord „Hostel"? --- Ja Edelagbare.

**VERHOOR VERVOLG:**

Jy sê gedurende Maartmaand was daar omtrent 17,000 daar? --- 1,700.

En as u aanry is die volgende gebou van belang aan die noordekant van die straat die poskantoor, en dit is gemerk "Poskantoor" op bewysstuk 2? --- Dit is korrek.

En net wes van die poskantoor is daar die melkdepot? --- Dit is reg.

En/.....straat/....

En as ons aangaan dan kry ons die publieke gebou, 'n skool aan die suidekant van die pad? --- Ja.

En nog verder is daar aan die linkerkant van die pad, op die suidelike kant, die busterminus? --- Ja.

En net aan die noordekant van die pad is die bushalte, gemerk "Bus Stop" op bewysstuk 2? --- Ja.

Omtrent twee blokke wes van die busstop is daar 'n uitdraaipad wat verby 'n gebeu gaan wat gemerk is "Winkels"? ---Ja.

En daardie selfde pad loop nou aan in 'n suidelike rigting verby 'n gebou gemerk "Polisiestasie"? --- Ja.

Nou, daardie pad het nie 'n naam nie verstaan ek? --- Nee, die pad het nog nie 'n naam nie.

En die winkels daar, is dit almal naturellewinkels? --- Dit is almal Banteewinkels ja.

En die polisiestasie, is dit die Suid-Afrikaanse Polisiestasie? --- Ja.

En daar is gemerk 'n hek. Is dit 'n hek aan die westelike kant van die werf van die polisiestasie? --- Dit is die groot hek aan die westelike kant.

Die hoofingang van die polisiestasie soos hy gebou is, is aan die suidekant van die straat? --- Dit is korrek.

Die suidekant van die gebou ten minste. Die hoofingang van die gebou self. --- Ja.

En die straat wat onmiddellik voor die suidekant van die polisiestasie loop, is Zwanestraat? --- Ja.

Is dit nog 'n hoofpad van die naturelledorpie? --- Ja.

En dit is elektries verlig? --- Dit is ook elektries verlig.

Nou, afgesien van daardie twee strate, is daar enige ander strate wat elektriese ligte het? --- Ja Edelagbare.

Nou, met oorkant die sogenaamde onbekende pad tussen

Zwanestraat/....

Swanestraat en Seilisestraat is daar 'n gebou gemerk "Kliniek"? --- Ja, net regoor die polisiestasie is die kliniek.

En net ten noorde van die kliniek is daar 'n gebou gemerk „Biblioteek"? --- Dit is reg Edelagbare.

Dan kry ons aan die westekant van bewysstuk 2 'n gebou gemerk „Gemeenskaplike saal"? --- Dit is die groot gebou in die hoek Edelagbare.

Dit lyk vir my mnr. Labuschagne asof Zwanestraat en die ander Seilisestraat sluit aan by mekaar aan die westekant? --- Dit is reg Edelagbare. Daar is 'n sirkel op die punt, en albei sluit aan by die sirkel.

Dit is heel wes van bewysstuk 2 en word nie daar aangetoon nie? --- Dit is reg.

En nou aan die suid-westelike kant van bewysstuk 2, daardie donker streep soos die vlerk van 'n vliegtuig, watter gedeelte van die naturelledorp is aan daardie kant? --- Edelagbare, van die gemeenskapssaal aan die westekant is die Bantoe sportsgronde, en aan die suidekant is 'n groot oop perseel wat bedeel is vir skole.

Ja, dit is "Site and Service" aan die .... --- Aan die suidekant is die erf- en diensskema, die sogenaamde "Site and Service Scheme".

Mnr. Labuschagne, kan u vir ons sê omtrent wat is die afstand vanaf die munisipale kantore, d.i. by die ingang van die naturelledorp, tot by die Suid-Afrikaanse Polisiestasie? --- Dit is net onder twee myl Edelagbare.

Net onder twee myl. En waar sal u sê is die polisiestasie geleë in die lokasie? --- Edelagbare, die polisiestasie is amper sentraal geleë, d.i. in die lokasie.

Mnr. Labuschagne, het u enige ondervinding van ander Bantoe dorpsgebiede en soaan? --- Edelagbare, nie eintlik

ondervinding/....

ondervinding nie, maar ek het verskeie ander Bantoe dorpsgebiede besoek deur die Unie.

En hoe vergelyk Sharpeville naturelledorpsgebied met daardie wat u besoek het? --- Edelagbare, Sharpeville naturelledorp is een van die bestes in die Unie.

Nou, in watter opsig bedoel u een van die bestes? Hoe is dit uitgelê en so aan en die tipe gebou? --- Die Sharpeville naturelledorp self is baie goed uitgelê. Die behuising is baie goed. Die behuising is van die goedkoopste in die Unie, en die beheer is ook goed, en misdaad is baie laag.

En watter fasiliteite is daar vir sport by Sharpeville? --- Edelagbare, daar is baie fasiliteite.

En skole? --- Daar is groot sportgronde aan die westekant, sokkervelde, tennisbane; daar is 'n gemeenskapsaal, en daarin word bioskoopprente vertoon, daar word bokstoernooie gereël, konserte gehou, en danse gereël. Daar is dertien Bantoeskole, een hoër of sekondêreskool, 'n paar hoër primêreskole, en laer primêreskole, en daar is oor die 7,000 Bantoekinders indie skole.

En word die kinders deur Bantoeonderwysers onderrig? --- Almal ja Edelagbare. Die skole is almal, behalwe die Katolieke skool, onder die beheer van die Bantoe skoolraad.

En dokters en mediese fasiliteite? --- Edelagbare, daar is een Bantoe mediese praktisyn daar is 'n paar Indiër-dokters wat daar kom, en ook blankes.

En is daar self 'n hospitaal in die Sharpeville naturelledorpsgebied? --- Daar is net 'n tuberkulosehospitaal Edelagbare, maar daar is 'n munisipale kliniek, en by die munisipale kliniek is ook een blanke vrouedokter in bevel, met blanke susters en ek dink ongeveer veertien Bantoe kraamverpleegsters. Dan is daar ook 'n tandheelkundigekliniek, en al die dienste daar is gratis.

Moet/....

Moet 'n verwysingsboeke getoon word voordat hulle kan behandeling kry? --- Nee Edelagbare, by die kliniek word enige Bantoe behandel.

En is daar enige biersale in die naturelledorp? --- Daar is een brouery Edelagbare, en ek dink agt bierdepots versprei in Sharpeville naturelledorp.

Hoekom is die bierbrouery daar gebou mnr. Labuschagne? --- Edelagbare, die skema is in werking gestel jare gelede, lank voordat ek hier gekom het, maar dit was gedoen om die Bantoe 'n beter tipe drank te gee as die wat self tuis gebrou word.

Is u in staat om te sê wat die reaksie sou wees van die inwoners as daardie brouery en die biersale verwyder word? --- Edelagbare, dit is moeilik om te sê. Ongeveer vyf, ses jaar gelede het die inwoners dit verwelkom, maar tot vandag toe het ons nog nie beswaar daarteen gehad nie.

Word daar gebruikgemaak van die biersale deur naturelle? ---Ja, alleenlik vir naturelle.

Nou, gedurende die afgelope twaalf maande is daar enige vermindering in die inkomste wat ingevorder is? --- Edelagbare, daar was 'n redelike vermindering in Maartmaand 1960, maar in April, Mei, Junie, en op tot datum styg hy gereeld.

En bestaan daar enige fasiliteite vir die inwoners, as hy byvoorbeeld wil sy eiendom verbeter of 'n stukkie tuin wil maak? --- Ja, elke persoon is vry en in elke agterplaas is daar 'n waterkraan, en elke persoon kan gratis net soveel water gebruik as wat hy wil om sy tuin nat te maak. Daar word ook vrugtebome, asook groentesaad, gratis aan die inwoners geskenk deur die munisipaliteit.

Wat is die gemiddelde huur wat 'n inwoner moet

betaal/....

betaal? --- Die huise in Sharpeville Banteedorp verskil volgens die skemas. Die goedkoopste huis is £1.2.6.

Is dit per maand? --- Per maand, en die duurste huis onder die skema is £2.16.0. per maand. Dit is vir die gemiddelde huis met twee slaapkamers, 'n sitkamer, 'n kombuis, en 'n badkamer.

En die huise is almal beheerlik gebou met baksteen? --- Al die huise is beheerlik gebou.

Daar was net een gedeelte wat ek vaneggend gesien het wat nou nie heeltemal mooi gelyk het in vergelyking met die ander gedeelte nie, en dit is in die "Site and Service" afdeling. Kan u miskien dit net verduidelik? --- Edelagbare ja, die erf en diensskema is op 'n tydelike basis. Daar is reeds 'n lening goedgekeur van die Nasionale Behuisingskema, en daar sal in volgende maand begin word met die bou van 'n duisend nuwe huise, en daar is reeds aansoek gedoen vir 'n lening vir nog 800 huise.

Is u in staat om vir die Hof te vertel wat die gemiddelde inkomste is van enige naturelleman of van die naturellemans in die Sharpeville naturelledorpsgebied? --- Edelagbare, daar was 'n opname gemaak - ek dink in 1954 - en toe was die gemiddelde inkomste £14 per huis.

Nou, kan u vir die Hof vertel wat die houding was, of die verhouding was tussen die naturelleinwoners en u afdeling? --- Edelagbare, tot op 18 Maart 1960 sal ek sê baie goed. Die samewerking tussen die kantoor en die Bantoe-adviesraad en die inwoners was amper 100%.

Bestaan daar enige skakel tussen die blankes in bevel, ek bedoel die blanke munisipale amptenare en die naturelle, enige skakel soos byvoorbeeld 'n raad of soiets? --- Edelagbare ja, ons het 'n Bantoe-adviesraad in Sharpeville naturelledorp. Die Adviesraad bestaan uit tien lede, waarvan

sewe/....

sewe lede deur die inwoners gekies word en drie aanbeveel word deur die Stadsraad. Die hele lokasie is in sewe blokke opgedeel, soos in die blanke dorp stadsraadswyke bestaan, en in elke Oktobermaand van die jaar word daar gevra vir nominasies vir 'n verteenwoordiger vir elke blok op die Adviesraad.

DEUR DIE HOF:

Die lokasie is in sewe wyke? --- In sewe wyke verdeel.

VERHOOR VERVOLG:

En elke wyk het 'n verteenwoordiger? --- Een verteenwoordiger, dit is korrek. Nou, die Voorsitter van die Bantoe-adviesraad is 'n blanke stadsraadslid. Hy word genoem die Voorsitter van die Departement Bantoesake, van die Komitee, Departement Bantoesake, en die Adviesraad is verantwoordelik vir alle klagtes indie dorpsgebied, en die klagtes word gebring by 'n vergadering gereeld elke maand, en vandaar gaan dit na die Stadsraad se Nie-blankesake Komitee, en vandaar weer na die volle Stadsraad.

En hoe het u gevind, hoe het die Adviesraad gewerk in die praktyk? --- Hy het goed gewerk, tot ook in Maartmaand.

Nou mnr. Labuschagne, u het hier gemeld dat tot op die 18de Maart was alles min of meer reg gewees in die naturelledorpsgebied Sharpeville. Nou, voor daardie datum het u ooit bewus geword van enige politieke beweging in Sharpeville? ---Edelagbare ja, ongeveer ses maande voor die tyd het ek verskeie klagtes van inwoners ontvang in verband met die P.A.C.- beweging in Sharpeville naturelledorp.

MR. UNTERHALTER:

Your Worship, in regard to the evidence that has just been given, if it is tendered in regard to the state of mind of the witness, of course I cannot object. If it is tendered as testimony as to the truth of those facts, the fact

that/....

that he had received complaints about the activities of the P.A.C., intending to prove that there was activities of the P.A.C., then I do object.

BY THE COURT:

It seems to me that evidence of a complaint receive is admissible.

BY THE PUBLIC PROSECUTOR:

I merely referred to the fact that there were complaints made to him.

EXAMINATION CONTINUED:

Nou, van watter tipe persoonhet u die klagtes ontvang? --- Edelagbare, daar was verskeie van meer bejaarde persone. Hulle was bekommerd oor die houding wat die jeugdiges inneem.

En kan u miskien sê wat die beroepe was van die bejaarde persone wat die rapporte aan u gemaak het? --- Edelagbare, daar was Bantoe-onderwysers, winkeliers, en ook van die gewone werkers.

Dit is nou die meer bejaarde persone? --- Die meer bejaarde persone Edelagbare.

Bantoe-onderwysers, gewone werkers en wat nog? --- En ook van die winkeliers.

En ek neem aan daarna het u self u oë oopgehou om te sien of u enigiets self kon sien? --- Ja, ek het.

DEUR DIE HOF:

Het jy jou oë oopgehou ofjou ore? --- Albei Edelagbare, en ek het selfs navrae gedoen in Sharpeville Bantoedorp, en as gevolg van informasie het ek op die 30ste Desember 1959 vir beskuldigde Tsolo in die kantoor geroep.

VERHOOR VERVOLG:

Dit is beskuldigde nr. 3? --- Beskuldigde nr. 3 ja.

Wat was u bedoeling om hom daarheen te laat kom?

Edelagbare/

--- Edelagbare, ek wou hom spreek in verband met die bewerings in Sharpeville naturelledorp.

Maarwou u inligting inwin om hom miskien later aan te kla of wat? --- Edelagbare, ek het informasie gehad dat hy werkloos was.

Ja, maar in verband met die organisasie, die P.A.C., wou u inligting of miskien getuienis van hom probeer inwin het met die doel om hom later te vervolg? --- Nee, ek was nie van plan om teen hom op te tree nie, maar ek wou graag die waarheid uitvind omtrent die stories in die lokasie.

U sien, kragtens die Strafproseswet is u 'n vredesbeampte? ---Ja.

Nou, toe beskuldigde nr. 3 daar gekom het was hy alleen gewees? --- Hy was alleen.

En waar het u hom gespreek? --- In my kantoor.

Watter taal het u gebesig? --- Ek het Afrikaans met hom gebesig.

En was hy toe nugter en by sy volle verstand? --- Heeltemal.

Het u hom enige waarskuwing gegee? --- Nee, ek het nie.

Het u enige dreigemente of beloftes aan hom gemaak? --- Edelagbare, ek het geen beloftes aan hom gemaak nie. Ek het hom gewaarsku dat as hy hom nie gedra in die lokasie nie, en ek weer klagtes ontvang, sal ek teen hom optree.

Maar het u vir nr. 3 beskuldigde vertel hoekom u hom daarheen laat kom het? --- Ek het, en ons het ook die beweging in die lokasie bespreek.

Nou, wat het u vir nr. 3 gesê toe hy daar inkom en u met hom begin gesels het? --- Ek het aan hom gesê dat ek hom laat roep het omdat ek gehoor het dat hy 'n lid is van die Uitvoerende Komitee van die P.A.C.-beweging.

Wanneer/....

Wanneer u nou na P.A.C. verwys, bedoel u natuurlik die Pan Africanist Congress? --- Ja.

Hoe het hy daarop gereageer, of het hy enigiets daarop gesê? --- Ja, hy het, en hy was heeltemal openlik daaromtrent.

Wat het hy gesê?

**BY MR. UNTERHALTER:**

Your Worship, I object. Very briefly the objection is made not inrrelation to anything that No. 3 himself may have said, but perhaps it is not really an objection, but whether it is admissible against the others. No. 3 accused is going to saysomething through the mouth of this witness. In the ordinary case anything that is anreport of what an accused said is inadmissible against that accused, i.e. him alone. It is admissible against others in certain circumstances. Now, I indicated Your Worship at the commencement of this trial, in regard to the proposal to lead the evidence concerning the speeches in Alexandra Township, that I assumed that that evidence was being led to establish a common purpose, and that in due course, on the understanding that that common purpose would be established, that evidence would of course be admissible, and if it were not established it would then be struck out. I do not Your Worship understand, from the context of what are the introductory remarks of My learned friend in leading this witness up to what he is about to say, that the purpose of this report is similarly to establish common purpose. It is something that No. 3 accused has said presumably in regard to the organisation of the P.A.C. In so far as he is concerned of course it must be admissible agains him. My submission is that it willnot be admissible, subject to anything my learned friend says and which Your Worship may rule, it will not be admissible against the others. Of course

Your/....

Your Worship I can't object to it being said, because obviously the Court must hear it if it is to try the charges laid against No. 3, but it is only to ensure the position of those people whom I represent that I make these remarks to Your Worship.

BY THE COURT:

The positionis that for the time being I can't see that this evidence is not admissible. The question is as to whether it is admissible against accused No. 3 only, or possibly admissible against others must depend on the circumstances as a whole, and that can only be decided when I have heard all the evidence. I will admit the evidence meanwhile on that basis.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Wat het beskuldigde nr. 3 vir u gesê mnr. Labuschagne? --- Edelagbare, hy het aan my gesê dat daar wel 'n tak van die P.A.C.-organisasie in Sharpeville naturelledorp bestaan. Hy het ook aan my die name gegee van die Uitvoerende Komitee, en hy het ook aan my gesê dat hy die Sekretaris is van die tak te Sharpeville naturelledorp.

Nou, watter name het beskuldigde nr. 3 aan u gegee? d.i. van lede van die Uitvoerende Komitee? ---Hy het aan my gesê dat sy broer, Job Tsolo, die Voorsitter is, dat beskuldigde nr. 4, Thomas More, die Ondervoorsitter is, dat hyself, Michael Tsolo, die Sekretaris is.

Nou, net voor u verder aangaan, op die klagstaat is hy beskryf as Nkane Tsolo? --- Dit is dieselfde persoon.

En hy is ook bekend as Michael Tsolo? --- Dit is sy Bantoenaam.

Hy self het gesê hy is die Sekretaris? --- Ja, en hy het ook aan my gesê dat 'n Bantoevrou, Mamaki Mgamwe, die

vise/....

vise Sekretaresse is. Dit is Mamaki Mohanwe. Hy het ook gesê dat Emmanuel Teketsi, di. beskuldigde nr. 8, een van die Uitvoerende Komiteelede is. Hy het nog 'n naam genoem maar die persoon is nie hier nie.

Het nr. 3 beskuldigde miskien gesê wat die doel was vandiée P.A.C.? --- Edelagbare ja. Ek het hom lank uitgevra en ons het dit bespreek, en hy het aan my gesê dat die P.A.C.-beweging in Sharpeville naturelledorp gekant is teen die dra van bewysboekies, en dat hy Michael Tsolo sy bes sal doen om die industrieë van Vereeniging lam te lê.

En daarna het u hom gewaarsku dat hy moet 'n stop sit aan hierdie bedrywighede? ---Ja, ek het hom ernstig gewaarsku om nie die jeugdige Bantoes van Sharpeville in die verkeerde rigting te lei nie.

Het hy enige aanduiding gegee of hy, of dit sy bedoeling was om gehoorsaam te wees? --- Nee Edelagbare, hy het 'n ander houding ingeneem, hy het kwaad geword.

En daarna was die onderhoud toe oor en hy is toe op sy pad? ---Ja.

Wanneer was die volgende keer toe u enigiets in verband met die P.A.C. raakgeloop het of ondersoek ingestel het? --- Ek was op naweek-diens gewees gedurende Februarie, en ek het informasie ontvang dat daar Bantoes saam is by huis nr. S.905, d.i. in die erf en diensskema. Dit is die huis van Thomas More, beskuldigde nr. 4.

**DEUR DIE HOF:**

Wat is daardie nommer asseblief? --- Nr. S.905, erf en diensskema. Ek het na die huis gegaan; ek het ingegaan en in die voorkamer het beskuldigde nr. 4 by 'n tafel gesit met nog sewe ander Bantoes saam met hom om die tafel.

**VERHOOR VERVOLG:**

Is hulle enige van die beskuldigdes, die ander sewe/....

vise Sekretaresse is. Dit is Mamaki Mohamwe. Hy het ook gesê dat Emmanuel Teketsi, di. beskuldigde nr. 8, een van die Uitvoerende Komiteelede is. Hy het nog 'n naam genoem maar die persoon is nie hier nie.

Het nr. 3 beskuldigde miskien gesê wat die doel was vandiée P.A.C.? --- Edelagbare ja. Ek het hom lank uitgevra en ons het dit bespreek, en hy het aan my gesê dat die P.A.C.-beweging in Sharpeville naturelledorp gekant is teen die dra van bewysboekies, en dat hy Michael Tsolo sy bes sal doen om die industrieë van Vereeniging lam te lê.

En daarna het u hom gewaarsku dat hy moet 'n stop sit aan hierdie bedrywighede? ---Ja, ek het hom ernstig gewaarsku om nie die jeugdige Bantoes van Sharpeville in die verkeerde rigting te lei nie.

Het hy enige aanduiding gegee of hy, of dit sy bedoeling was om gehoorsaam te wees? --- Nee Edelagbare, hy het 'n ander houding ingeneem, hy het kwaad geword.

En daarna was die onderhoud toe oor en hy is toe op sy pad? ---Ja.

Wanneer was die volgende keer toe u enigiets in verband met die P.A.C. raakgeloop het of ondersoek ingestel het? --- Ek was op naweek-diens gewees gedurende Februarie, en ek het informasie ontvang dat daar Bantoes saam is by huis nr. S.905, d.i. in die erf en diensskema. Dit is die huis van Thomas More, beskuldigde nr. 4.

DEUR DIE HOF:

Wat is daardie nommer asseblief? --- Nr. S.905, erf en diensskema. Ek het na die huis gegaan; ek het ingegaan en in die voorkamer het beskuldigde nr. 4 by 'n tafel gesit met nog sewe ander Bantoes saam met hom om die tafel.

VERHOOR VERVOLG:

Is hulle enige van die beskuldigdes, die ander sewe/....

sewe? --- Ja, beskuldigde nr. 8 en 38. Hulle was saam om die tafel. Nr. 8 is Emmanuel Seketsi en nr. 38 Stefaans Lepee.

DIE HOF: Jy sê al hierdie persone was toe om 'n tafel? ---Ja.

Dit was nrs. 4, 8 en 38, en ook andere? --- En andere Edelagbare, maar hulle was agt altesaam.

VERHOOR VERVOLG:

Was daar enige dokumente op die tafel? ---Daar was boeke, asook pamflette, op die tafel. Ek het van die pamflette gelees onderaan, en gesien dat dit uitgegee is deur die Pan Afrikanist Congress, Johannesburg. Ek het die agt persone gevra om my te vergesel na die kantoor.

Voordat u dit gedoen het het u hulle miskien gevra wat hulle besig was om te doen? --- Ek het, maar hulle het vir my gelag.

Omtrent hoeveel pamflette was daar op die tafel mnr. Labuschagne? --- Ek dink drie of vier, ek is nie seker nie.

En het u hulle in beslag geneem of nie? --- Ek het een van die pamflette geneem en dit aan my Direkteur oorhandig.

Ek neem aan ons kan dit later in die hande kry? --- Ja.

En u het hulle gevra om u te vergesel na die kantoor toe? --- Ek het.

En het hulle toe saam met u gegaan? ---Hulle het. In die kantoor het ons 'n lêerstelsel van al die inwoners in Sharpeville naturelledorp, en ek het elkeen se lêer getrek en hom gevra vir sy bewysboekie, om vas te stel of hulle inwoners is van Sharpeville naturelledorp. Ek het gevind dat vyf van die agt inwoners is, en drie nie.

Ek neem dat beskuldigdes nrs. 4, 8 en 38 is wel

inwoners/....

inwoners van Sharpeville? --- Hulle is inwoners van Sharpevill naturelledorp.

En daarna? --- Ek het toe gevind dat beskuldigdes nr. 4, Thomas More, en Stefaans Lepee, beskuldigde nr. 38, se bewysboekies nie in orde was nie.

Maar het u miskien die voorval van die vergadering by die huis weer met hulle bespreek op daardie stadium? --- Edelagbare, ek het. Ek het sewe laat uitgaan, en vir Thomas More alleen gehou, d.i. beskuldigde nr. 4, en ek het aan hom gevra wat hulle daar gedoen het, en hy het aan my gesê dat dit 'n "party" was. Ek het hom toe ook uitgevra in verband met die P.A.C.-beweging, en hy het aan my gesê dat hy die Ondervoorsitter is. Ek het hom ook gevra of hy dan nie tevrede is in Sharpeville naturelledorp nie, en ek het hom daarop gewys dat hy gelukkig is om in so 'n goeie dorpsgebied te woon. Hy het kwaad geword en gesê dat ek kan maak wat ek wil.

Het hy miskien aan u vertel wat sy klagtes was, of wat is verkeerd met die dorpsgebied? --- Gladnie Edelagbare, hy het geen klagtes gehad nie.

Het u hom uitgevra in verband met die sogenaamde P.A.C.-pamflet wat u daar beslag van geneem het? --- Ek het.

Wat het u hom gevra? --- Ek het hom gevra waar hy aan die pamflette kom, en hy het gesê dat hy dit saamgebring het van Johannesburg af.

Het hy miskien gesê waar hy dit gekry het in Johannesburg? --- Nee Edelagbare.

Nou, die inligting van Thomas More, nr. 4, vir u gegee het, was dit vrywilliglik wat hy dit gegee het? --- Heeltemal vrywilliglik. Hy het eintlik.... was hy te vrygewig. Met ander woorde, dit het gelyk of hy eintlik trots was om Ondervoorsitter te wees.

En het u enige van die ander mense wie buitekant

gestaan/....

gestaan het laat inroep? --- Nee.

En daarna, wanneer was die volgende? Was daar enige insident van 'n soortgelyke aard na hierdie datum? --- Nee, ek kan nie onthou voor op die middag van die 18de Maart nie. Toe het ek weer informasie ontvang.

Dit was klagtes? ---Klagtes ja Edelagbare. Ek self en Inspekteur Muller het ondersoek gaan instel in Sharpeville naturelledorp.

Hoe laat was dit toe u die rapport ontvang het? --- Edelagbare, dit was in die agtermiddag, ek kan nie onthou hoe laat nie.

En waarheen het u toe gegaan mnr. Labuschagne? --- Ek het opgery in die rigting van die busterminus, en naby die busterminus het iemand twee Bantoemans aan my uitgewys.

Is daardie twee Bantoemans teenwoordig? ---Ja. Dit is beskuldigde nr. 8, Emmanuel Seketsi, en beskuldigde nr. 38, Stefaans Leppe.

Hulle is toe aan u uitgewys deur ander naturelle? ---Ja.

Hoekom is hulle aan u uitgewys? --- Die mense het gekla dat hierdie mense hulle dreig.

In elk geval, beskuldigdes nr. 8 en 38 is toe aan u uitgewys, en hoe het u toe opgetree daarna? --- Inspekteur Muller en ek het stadig met die voertuig agter hulle aangery. Hulle het aangestap. Hulle het van 'n noordelike in 'n suidelike rigting in die lokasie geloop.

Ja, en toe jy by hulle kom? --- Edelagbare, ons het eers gesien dat hulle by 'n huis ingaan en uitkom, twee huise oorkaan en weer ingaan en uitkom.

Omtrent hoeveel huise het hulle by so ingegaan voordat u by hulle gekom het? --- Ek dink vyf of ses Edelagbare, en toe hulle naby huis nr. 8171 kom, d.i. die huis van

beskuldigde/....

beskuldigde nr. 8, het Inspekteur Muller langs hulle stilgehou. Die Inspekteur het met hulle gepraat, en beskuldigde nr. 8 het gesê dat sy bewysboekie in sy huis is.

Ek neem aan hy was toe vir sy bewysboekie gevra? --- Hy is.

Nou, was die bewerings van hierdie mense wie gekla het aan hulle oorgedra? --- Edelagbare, ek het later dit aan hulle oorgedra in die kantoor. Toe het beskuldigde nr. 38 gesê dat sy bewysboekie is ook by die huis. Inspekteur Muller het sy boekie gaan haal en albei na die kantoor gebring. Inspekteur Muller het hulle uitgevra in verband met hulle bewysboekies, en ek het langs hom gestaan.

Was daar enigiets verkeerd met enige van die twee se bewysboekies eerstens? ---Op daardie stadium was hulle bewysboekies nie in orde nie.

En in watter opsig was byvoorbeeld nr. 8 s'n nie in orde nie? --- Hy het nagelaat om by die Arbeidsburo te rapporteer in tyd.

Maar was die boek op daardie tyd geheel en was daar geen ongemagtigde inskrywings nie? --- Die boek was heeltemal in orde, behalwe dat hy nagelaat het om te rapporteer, en so ook met die ander beskuldigde.

Nr. 38? ---Ja, albei se boekies was heel en in orde. Hulle is toe daar weg. Op die agtermiddag, om ongeveer ek dink sewe-uur, het ons weer klagtes by die kantoor gekry.

Ja, ek wil nie weet wat die aard van die klagtes was nie. Mnr. Labuschagne, het u die aard van die klagtes oorgedra aan nrs. 8 en 38 toe u hulle by die kantore gespreek het? --- Ek het ja, maar hulle het dit ontken.

Ja, maar wat het u vir hulle gesê? --- Ek het aan hulle gesê dat mense beweer dat hulle mense dreig en waarsku dat hulle moet aansluit by die P.A.C.

Hulle/....

Hulle het dit ontken? --- Hulle het dit ontken.

Het u miskien vir hulle gesê dat u hulle waargeneem het van huis tot huis stap, en by elke tweede ingaan en uitgaan? --- Ons het dit bespreek, maar hulle het gesê hulle gaan sommer in, hulle ken die mense.

Dit is net hulle gewone kuiery wat hulle gedoen het? --- Ja.

Hulle is toe daar weg en op 'nlatere stadium het u verdere klagtes ontvang? --- Ja, en ons is toe na die busterminus.

Nou, die klagtes wat u ontvang het, het hulle verskil of nie van die klagtes wat u voorheen ontvang het? --- Ja.

Nou, toe gaan u na die busterminus toe, en wat vind u daar? --- Toe ons daar kom was daar reeds lede van die Suid-Afrikaanse Polisie.

Wie het u vergesel na die busterminus toe? --- Inspekteur Muller.

Weet u wie die Polisieoffisier in bevel was op die tydstip toe u daar gekom het? --- Nee, daar was 'n klomp Bantoe-polisie, daar was nie 'n blanke daar teenwoordig nie.

Ken u enige van daardie Bantoepolisie? --- Nee.

Gaan maar aan mnr. Labuschagne? --- Die Bantoe-polisie het aan my stukkies van bewysboeke getoon. Die bewys-boekies was gebrand.

Kon jy hulle uitmaak, om vas te stel wie se boeke dit was? Het julle die stukkies bymekaar gesit? --- Ja, ons is toe eers saam na die Polisiestasie toe. Daar het ek vir Kaptain Cawood en vir Speurdersersant Wessels van die Suid-Afrikaanse Polisie gevind.

Hy is die plaaslike Veiligheidsstafman, Sersant Wessels? --- Dit is korrek.

En daar by die Polisiestasie het u probeer om die

stukkies/....

stukkies bymekaar te las? --- Edelagbare ja, Kaptein Cawood, Sersant Wessels en ek het al die stukkies saam op die tafel uitgegooi, en Sersant Wessels het probeer om dit aanmekaar te las.

En het u boeke gekry van enige van die persone teenwoordig? ---Ja, daar was twee boekies wat uitgemaak kon word. Dit was die boekie van beskuldigde nr. 8, en ook die van beskuldigde nr. 38.

En was dit nr. 8 se verwysingsboekie? --- Ja.

Nou, eerstens hierdie bewysstuk, nr. 3, sal u net na dit verwys asseblief? Dit sal bewysstuk nr. 3 wees Edelagbare. --- Ja, dit is die bewysstuk Edelagbare. Dit is een van die stukkies... altans 'n klompie van die stukkies Edelagbare.

En na watter beskuldigde verwys dit? --- Volgens die besonderhede hier is dit die bewysboekie van beskuldigde nr. 38, Stefaans Leppe.

Hoe is daardie boekie beskadig? --- Dit is opgeskeur, hierdie een.

En sal u nou net na hierdie klompie verwys asseblief, bewysstuk 4? Hoe sal u dit beskrywe, wat bestaan dit uit? --- Edelagbare, dit is 'n koevert met 'n klomp stukkies van meer as een bewysstuk.

Hoe is hulle beskadig? --- Hulle is opgeskeur asook gebrand.

Is dit enigsins moontlik om vas te stel van hoeveel bewysboeke daardie stukkies kom? --- Nee, dit is moeilik om te sê.

U kan net sê daar is meer as een daar? --- Hier is definitief meer as een.

En dit was ook gevind by die busterminus? --- Dit is korrek.

En/....

En u, met behulp van lede van die Polisie, het probeer om dit te las, maar sonder sukses? ---Ja.

U kan nie enige identiteit vasstel nie? --- Nee.

Nou, nadat die identiteit van die twee boeke vasgestel het?

**DEUR DIE HOF:**

Hy het net verwys na een boek.

**VERHOOR VERVOLG:**

U het die identiteit vasgestel van nog 'n boekie? --- Daar was 'n nommer van nog 'n boekie, van 'n tweede boekie, maar ek is nie te seker nie.

Die boek is nog nie ingehandig as 'n bewysstuk nie, maar kan u onthou wat die identiteit is van die persoon aan wie die boekie behoort het? --- Ja, ek is eers met die nommer na die kantoor, en ek het die lêer van die standplaas getrek, en die nommer en die boekienommer van beskuldigde nr. 8 kom ooreen.

Nou, wat het verder gebeur op die 18de mnr. Labuschagne? --- Edelagbare, daar was toe samesprekings gevoer....

**DEUR DIE HOF:**

Wat het van die bewysstuk geword mnr. die Aanklaer?

**DIE PUBLIEKE AANKLAER:**

Edelagbare, dit moes in beskuldigde nr. 8 se lêer gewees het, maar ek kan dit nou op die oomblik nie kry nie.

**VERHOOR VERVOLG:**

Ja, gaan maar aan? --- Daar was toe samesprekings in die kantoor gehou, en ons is ongeveer 11 n.m. terug na die dorp toe.

Na die dorp of die naturelledorp? --- Na die Superintendent, na my kantoor toe.

Dit was omtrent 11 uur in die aand sê jy? ---Ja.

Nou, tot op daardie stadium, wat was die toestand

van/....

van die lokasie of die dorpsgebied in die algemeen? --- Vanaf die kantoor het ek en die Polisie toe die lokasie gepatrolleer, en die lokasie was rustig.

DEUR DIE HOF:

U het dit nou self gepatrolleer en dit was rustig? --- Dit was rustig.

VERHOOR VERVOLG:

Dit is nou die 18de? --- Die nag van die 18de, en ons is daarna van diens af.

Tot hoe laat het u gepatrolleer? --- Ek is ongeveer half-twee uit die lokasie.

Half-twee die oggend....? --- Die oggend van die 19de.

En wat het verder gebeur op die 19de? Wat is die eerste wat gebeur het; toe u verdere inligting ontvang het hoe laat was dit? --- Edelagbare, is ek dink ek ongeveer 9 uur na die kantoor toe, d.i. 9 v.m.

Dit is normale kantoorure? --- Ons werk gewoonlik nie Saterdae nie, maar ek het gaan kyk daar. Inspekteur Muller en ek het weer die lokasie gepatrolleer, en gevind dat jeugdige Bantoes in groepies op die straathoeke staan.

Nou, kan u miskien die ouderdomsgroepe van die jeugdige Bantoes gee? --- Wel, ek sal skat tussen 16 en 20, 22 jaar oud.

Nou, in vergelyking met ander Saterdae, was daar enigiets abnormaal in verband met die groepies wat daar gestaan het, of die feit dat daar wel groepies op die hoeke gestaan het? --- Ek was dit nie gewoond nie, en dit het vir my snaaks voorgekom; andersins was dit normaal.

Die groepies jeugdige Bantoes wat u gesien het, was hulle bewapen of nie? --- Nee.

En wat was hulle houding teenoor u en u Inspekteur toe/....

toe u verby hulle gery het? --- Hulle het niks gemaak nie.

So afgesien van die feit dat daar net onverwagte groepies op die straathoeke was, was dit normaal en rustig? ---Heeltemal, tot Sondagaand.

Dit wil sê tot die aand van die 20ste? --- Van die 20ste ja.

En hoe laat was dit op Sondagaand dat u iets gemerk het? --- Ongeveer 9 n.m., terwyl Inspekteur Muller en ek die lokasie gepatrolleer het, het ons oral P.A.C. pamflette opgetel.

Nou, het u enige van die pamflette in beslag geneem? --- Ek het van die wat ek opgetel het aan Speurdersersant Wessels gegee.

Nou, kan u net die pamflet uitsoek wat u opgetel het daardie dag, d.i. tussen die klomp hier? --- Dit is die een wat handel oor die 21ste Edelagbare. Dit was hierdie pamflet. (Getuie dui 'n pamflet aan).

Wat is sy titel bo-aan? --- "Calling the Nation".

Dit is bewysstuk 5. (Bladsy 73). Nou, aan die eenkant van bewysstuk 5 is dit in Engels opgestel, en aan die anderkant is dit in naturelletaal? --- In Bantoetaal ja.

U het gesê dat orals in die lokasie het u hierdie pamflette gesien? ---Ja, daar was baie. Van hulle het in die straat gelê, en ek het baie in die posbussies gesien. Dit was die helfte ingesteek, en die helfte het uitgesteek.

Is dit posbussies van die naturelle inwoners in die dorp? --- Dit is korrek. Party was "pink" en ander wit.

En hoe laat was dit sê u ? --- Dit was ongeveer tussen 9 en 10 nou, op die aand van die 20ste Maart 1960.

En was daar toe mense toe rond in die strate? Naturelleinwoners, was hulle rond in die strate of nie? --- Nee, toe was dit nog soos gewoonlik, maar ek was bekommerd en het die Bantoepolisie gewaarsku om vieruur v.m. vir diens

te rapporteer.

**DEUR DIE HOF:**

Die toestand in die strate was stil? ---Ja, en ek is terug na my huis toe.

**VERHOOR VERVOLG:**

Dit is in die stad self? ---In die dorp ja. Ek het die Bantoesersante op diens gevra om my elke halfuur te skakel.

**DEUR DIE HOF:**

Is dit nou die Suid-Afrikaanse Polisie? --- Nee, dit is die Munisipale Polisie.

Die Sharpeville Munisipale Polisie? --- Ja.

**VERHOOR VERVOLG:**

Ja? --- En om ongeveer 11.30, nadat ek niks van die kantoor gehoor het nie, het ek Inspekteur gaan oplaai en ons is na die lokasie toe.

Wanneer was die laaste telefoonoproep wat u ontvang het, voordat u niks gehoor het nie? --- Edelagbare, dit is moeilik om te sê; dit was in die omgewing van 11 uur.

So 11 n.m. was die laaste telefoonoproep wat u ontvang het van die Munisipale Polisie in die lokasie? ---Ja.

En u sê omtrent 11.30 n.m., aangesien u tog nog niks verder gehoor het nie, geen telefoonoproepe ontvang het nie, het u Inspekteur Muller opgelaai en u is toe na die Munisipale kantore toe? --- Ja Edelagbare, maar voordat ons na die kantoor gegaan het, toe ek by Inspekteur Muller se huis kom, het een van die Bantoesersante daar aangekom om ons te kom roep.

Is dit Ben Pitse? --- Ben Pitse Edelagbare, en saam is ons toe na die kantoor in Sharpeville naturelledorp. Daar gekom het ek gevind dat al die telefoons buite werking was in die kantoor. Van die kantoor is ek toe in die rigting van die Polisiestasie in die naturelledorp.

Met/....

Met Seilisostraat of 'n ander straat? --- Met Seilisostraat. Toe ek die lokasie ingaan, by die eerste huise,... Edelagbare ekskuus, eers voor ek in die kar klim, het twee van die Munisipale Polisie na my toe aangekom. Albei het gehardloop uit die rigting van die lokasie.

En wat was hulle emosionele toestand? --- Hulle was verskrik. Die een het sy skoene in sy hand gehad. Ek het hulle toe gesê om by die kantoor gewag, en is toe self na die lokasie toe. Toe ek by die eerste huis kom in Seilisostraat, het ek gevind dat die hele straat vol Bantoes was. Hulle het geskree, gefluit en fluitjies geblaas.

Nou, wat is u skatting van die skare mnr. Labuschagne? --- Edelagbare, dit was moeilik. Dit was in die ligte van die kar en die straatligte. Ek sal sê ongeveer 400 na 500.

En van watter geslag was die mense? --- Dit was almal mans, Bantoemans.

En was hulle gewapen? --- Edelagbare, daar was hulle nie gewapen nie. Ek het omgedraai en met 'n ompad na die Polisiestasie gegaan.

Nou, net voordat u verder aangaan, kon u enige van die woorde hoor wat hulle geskree het of gesê het? --- Nee, daar nie Edelagbare.

En die lawaai wat hulle gemaak het, die geskree en die fluitjies wat hulle geblaas het, was dit 'n groot lawaai of nie? --- Ja.

Was dit normaal om sulke aantal mans te sien daardie tyd van die aand? --- Nee.

Wat was hulle houding? Hoe het dit vir u voorgekom, d.i. wat hulle houding was? --- Hulle het 'n dreigende houding ingeneem, en dit is waarom ek omgedraai het.

U het toe omgedraai en waarheen het u gegaan? ---

Ek/....

Ek het met 'n ompad na die Polisiestasie gegaan.

En het u enige sulke massas raakgeloop met die ompad wat u geneem het? --- Ek het net een groepie van ongeveer 200 raakgery in 'n ander straat.

Kan u met behulp van bewysstuk 2 probeer vasstel of uitwys waar u die tweede groepie van omtrent 200 gesien hêt? --- Ja Edelagbare. Dit was van Seilisostraat regoor die eerste skool op die linkerkant.

**DEUR DIE HOF:**

Regoor? --- Die eerste skool op die linkerkant. As ons opgaan met Seiliso is daar 'n skool regs, en daar is 'n oop standplaas op die linkerkant, en net langs die oop standplaas is 'n skoolgebou.

Sal u net na bewysstuk 2 verwys, en sê naby watter woord dit is? --- In die straat regoor die skool Edelagbare.

Jy verwys nie na Seilisostraat nie, maar na die volgende straat tensuidde daarvan? --- Ja, dit is reg.

**VERHOOR VERVOLG:**

Is dit die volgende groot straat? --- Die volgende groot straat aan die linkerkant van Seilisostraat.

En die straat loop in dieselfde rigting as Seilisostraat? ---Ja.

Het daardie straat 'n naam of nog nie? ---Hy het, maar ek kan nie onthou nie.

**DEUR DIE HOF:**

E Ek het 'n "A" gemaak op die plek wat jy aandui op bewysstuk 2. Kyk of dit reg is? --- Dit is Ghabashanestraat Edelagbare. Dit is korrek ja.

Dit is posisie "A" op bewysstuk 2? --- Posisie "A" Edelagbare. Dit is in Ghabashanestraat.

**VERHOOR VERVOLG:**

Hoe word daardie naam gespel? --- Ghabaseane.

En die 200 persone, was hulle mans of vrouens? --- Hulle was almal mans.

Gewapen? --- Ja, baie van hulle het stokke gehad.

En hoe het die groep hulle gedra? --- Hulle het vinnig in die rigting van die kar gekom, my kar.

En wat was hulle houding toe hulle aankom? --- Hulle het ook die kieries omhoog geswaai en geskree.

En wat het gebeur? --- Ek is vinnig by hulle verby na die Polisiestasie.

Van hierdie twee groepe, was u in staat gewees om enige persoon uit te wys of uit te ken? --- Nee, ek kan nie.

**HOF VERDAAG TOT 20.10.1960.**

20 OKTOBER 1960.

HOF HERVAT : VERSKYNINGS SOOS TEVORE.

MACHIEL ANDRIES LABUSCHAGNE, beëdig verklaar:

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Mnr. Labuschagne, ek verstaan u wil net iets korrigeer in u getuienis wat u gister afgelê het? ---Ja, ek het gister genoem waar ek die huis van Thomas More besoek het, en waar ek agt persone saam gevind het, daar het ek gesê daar was drie van die beskuldigdes, Thomas More, Emmanuel Teketsi, en Stefaans Leppe. Ek is jammer Edelagbare, dit was Thomas More, Stefaans Lepee en David Ramodibe, en nie Emmanuel Teketsi nie.

Die derde man was beskuldigde nr. 39? --- Beskuldigde nr. 39. Ek is jammer vir die misverstand Edelagbare, en ek vra om verskoning.

DEUR DIE HOF:

Wie is die persoon wat nie daar was nie en wat u gister genoem het? --- Emmanuel Teketsi, beskuldigde nr. 8. Hy was nie daar nie.

VERHOOR VERVOLG:

En was dit by daardie geleentheid wat u beslag gelê het op 'n sekere dokument? --- 'n Sekere dokument wat op die tafel gelê het.

Sal u net kyk na die dokument, bewysstuk nr. 6. Dit is getiteld "Alerting the Nation". --- Dit is korrek. (Bladsy 70 van die rekord).

Gister het ons tot by die stadium gekom van die aand van die 20ste Maart, d.w.s. die Sondagaand, en u het toe uiteindelik by die Polisiestasie in Sharpeville naturelledorp gekom? --- Ja.

En watter offisiere van die Polisiemag was toe daar?

Toe/....

--- Toe ek daar aankom het ek vir Kaptein Cawood en vir Sersant Grobler voor die Polisiestasie se hek aangetref.

Is dit Sersant Grobler, die stasiebevelvoerder van Sharpeville? --- Dit is korrek.

En was daar enige naturelle in die omgewing van die Polisiestasie op daardie tydstip? --- Daar was enkele Bantoes gewees. Daar was ook nog blanke lede van die Suid-Afrikaanse Polisie, asook Bantoe Polisie.

Nou, die enkele Bantoes wat daar was, wat was hulle houding? --- Hulle was bevreesd gewees, en hulle het met Kaptain Cawood gepraat.

En wat het daarna gebeur? Kan u vir ons stap vir stap vertel? ---Kaptein Cawood het toe instruksies gegee dat al die lede van die Suid-Afrikaanse Polisie in die voertuie moet klim, en hy het gevra dat ek saam met hom in sy kar moet ry daar hy die lokasie nie goedken nie. Vanaf die Polisiestasie het ons in Zwanestraat in 'n oostelike rigting beweeg.

Zwanestraat is die straat net suid van die Polisiestasië? --- Dit is reg. Ek dink ons was vyf voertuie agtermekaar.

Nou, die Polisiemanskappe, die blanke lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag, was hulle gewapen? --- Daar was party wat rewolwers aangehad het.

Maar afgesien van rewolwers kan u onthou of hulle gewere gedra het? --- Nee Edelagbare, en het nie een daar met 'n geweer gesien het.

En die nie-blanke lede van die Polisiemag, het hulle enige wapens gedra? --- Hulle was gewapen.

Met wat? --- Ek dink dit was knopkieries, maar nie almal nie.

Nou, die wapen wat u as 'n knopkierie beskryf, kan u dit net 'n bietjie meer in besonder beskryf? --- Edelagbare,

dit/....

dit is 'n kierie ongeveer sal ek se 2 voet of 2 voet ses duim lank, met 'n klein knop aan die bokant.

Die sogenaamde knopkieries, was hulle van standaard aard? --- Dit is net die gewone kierie wat aan 'n Bantoe-konstabel uitgereik word Edelagbare.

En julle het oos in Zwanestraat beweeg? --- Ja.

Gaan aan asseblief Mnr. Labushagne? --- Edelagbare, toe ons op die hoek van die tweede blok huise kom, die eerste lang blok verby en dan by die tweede blok huise, het ons 'n klomp Bantoe-vrouens op die sypaadjie gekry. Kaptein Cawood het beveel dat sy voertuig langs die vrouens moet stilhou....

**DEUR DIE HOF:**

Omtrent hoe laat was dit? --- Dit was ongeveer tussen half-een en eenuur op die oggend van die 21ste.

Tussen 12.30 en 1 v.m.? --- Ja, op die oggend van die 21ste Maart 1960.

**VERHOOR VERVOLG:**

En die Bantoevrouens, hoe het hulle hulself gedra? --- Edelagbare, die Bantoevrouens het dadelik na die voertuig gekom en hulle het gehuil. Hulle het 'n rapport aan Kaptein Cawood gemaak, en in die rigting van die sportgronde gewys.

Is dit die sportgronde in die teenoorgestelde rigting vanwaar julle gekom het? --- Dit is korrek.

**DEUR DIE HOF:**

Wes van die Polisiestasie? --- Ja. Kaptain Cawood het beveel dat ons moes omdraai, en ons het in dieselfde straat regs omgedraai en teruggegaan in die rigting van die sportsgronde.

En die Bantoevrouens? --- Hulle het op die sypaadjie gebly. Toe ons regoor die gemeenskapssaal kom het ons na links om die sirkel gery. Aan ons linkerkant was 'n oop stuk grond. Dit was donker daar en daar is geen ligte nie.

Toe/....

Toe het ek gehoor dat Bantoes skree, fluit en op fluitjies blaas. Kaptein Cawood het instruksies gegee dat die drywer die kar moes uitdraai.

DEUR DIE HOF:

Toe kom die kar tot stilstand? --- Hulle het die kar se ligte op hulle gedraai, en die kar het tot stilstand gekom.

VERHOOR VERVOLG:

Die ligte was gedraai op die toneel vanwaar die geraas gekom het? --- Dit is reg. In die ligte het ek 'n groep Bantoemans saam gesien, ongeveer 500 sal ek skat. Hulle het toe baie geskree en in ons rigting gekom.

En wat was hulle houding? --- Hullehet 'n dreigende houding ingeneem.

Het u enige wapens by hulle gesien mnr. Labuschagne? ---Edelagbare ja, die meeste van hulle was bewapen met kieries.

En hoe het hulle die kieries gehou toe hulle aangehardloop kom? --- Nee, daar het hulle nog die kieries in hulle hande gehou. Kaptein Cawood het sy hand opgesteek. Ek het gedink dit was dat hulle moes stilbly, en hy het gevra wie die leier was. Beskuldigde nr. 4, Thomas More, het na vore gekom en gesê „Ek is die leier". Kaptein Cawood het aan hom gevra wat hulle doen, en hy het gesê dit is 'n "meeting".

Was enige melding gemaak van die rapport wat tevore ontvang is van die Bantoevrouens? --- Nee, eers daarna het Kaptein Cawood met hom gepraat. Hy het toe aan Thomas More gevra of hulle toestemming gehad het vir 'n vergadering, waarop hy gesê het dat hy aansoek gedoen het maar nie toestemming gekry het nie. Kaptein Cawood het toe aan hom gesê wat die Bantoevrouens gesê het.

Wat het hy toe vir hom gesê? --- Hy het gesê dat dit nie so is nie....

Maar wat het Kaptein Cawood aan hom gestel, wat die

aard/....

aard van die klagte was? --- Kaptein Cawood het gesê dat die Bantoevrouens by hom gekla het dat die tsotsis hulle mans gevang het en weggeneem het na die sportgronde, en dat sommige van die mans aangerand was.

Nou, het Kaptein Cawood miskien uitgebrei op die aard van die klagte, en gesê onder watter omstandighede die Bantoevrouens het beweer dat hulle mans weggeneem is? --- Nee.

Wat het nr. 4 beskuldigde gesê? --- Hy het niks gesê nie.

DEUR DIE HOF:

Jy het netnou gesê hy sê dit is nie so nie? --- Hy het eers gesê dit is nie so nie, en toe daarna het hy niks gesê nie. Kaptein Cawood het toe aan hom gesê dat die byeenkoms onwettig is, en dat hulle binne vyf minute uitmekaar moet gaan, en hy het op sy horlosie gekyk.

VERHOOR VERVOLG:

Net voor u aangaan. Het nr. 4 beskuldigde miskien gemeld watter vergadering hulle wou hou? --- Nee.

En mnr. Labuschagne, sou u kennis gedra het van enige aansoek om 'n vergadering te hou? --- Ja.

En het u enige kennis gedra van 'n vergadering van Themes Mote, nr. 4 beskuldigde? --- Daar was geen toestemming vir 'n vergadering gegee nie.

DEUR DIE HOF:

Ja maar was daar 'n aansoek? ---Daar was 'n aansoek, maar ongeveer 'n maand voor die tyd.

VERHOOR VERVOLG:

En wat het van die aansoek geword? Was dit goedgekeur of nie? --- Die aansoek was deur die Stadsraad geweier, en hy was in kennisgestel.

Nou, toe beskuldigde nr. 4 die bewering gemaak het dat hy wel toestemming gekry het, het u enigiets vir hom gesê

daar/....

daar in die teenwoordigheid van Kaptein Cawood? --- Nee, ek het net gesê dat hy nie toestemming het om 'n vergadering te hou nie.

En daarna het Kaptein Cawood hulle vyf minute gegee om uitmekaar te gaan? --- Kaptein Cawood het met 'n flits op sy horlosie gelig, en ek het gesien dat die Banteemans vinnig in die rigting van die Polisie beweeg. 'n Banteeman het net agter beskuldigde nr. 4 gestaan met 'n piksteel in sy hand, en toe hy die piksteel optel het al die Bantoes kieries in die lug opgetel. Kaptein Cawood het toe aan Mere gesê „Die tyd is verstreke en julle wil nie uitmekaar gaan nie", en hy het die Polisie instruksies gegee om hulle uitmekaar te jaag. Toe die Polisie hulle storm het hulle in alle rigtings weggehardloop. In die kar se lig het nog kieries rondgelê wat hulle laat val het. Toe ons omdraai, Kaptein Cawood en ek, het iemand twee skote uit die donker na ons kant toe gevuur.

**DEUR DIE HOF:**

Herhaal asseblief daardie sin? --- Toe ons omdraai, terug na die voertuie, het iemand uit die donker twee skote in ons rigting gevuur.

**VERHOOR VERVOLG:**

Nou, in daardie rigting vanwaar die skote gekom het, was daar enige lede van die Polisie op daardie tyd? --- Daar was nie.

En in verband met die rigting vanwaar die skote gekom het, in watter rigting het die mense weggehardloop? --- Dit is die rigting waarheen die mense gehardloop het.

Was enige persoon deur die skote getref? --- Nee. Ons is toe terug in die karre en weer terug na die Polisiestasie toe. Daar gekom het ons ongeveer 15 na 20 Bantoes voor die Polisiestasie gevind. Hulle het weer met Kaptein

Cawood/....

Cawood gepraat, en hy het beveel dat ons na die skole moes gaan.

Nou, net voordat u verder aangaan. Hierdie wapens wat die eerste groep neergegooi het toe hulle weggehardloop het, was hulle toe versamel en bymekaar gemaak en na die Polisiestasie toe geneem? --- Een Bantoekonstabel van die Suid-Afrikaanse Polisie het van die kieries opgetel en in een van die vangwaens gesit.

En omtrent hoe laat was dit toe u teruggekeer het na die Polisiestasie? --- Edelagbare, ek weet nie. Ek skat ongeveer half-drie.

Nou net voordat ons verder gaan. U het melding gemaak van die tipe kieries wat die Bantoekonstabels gedra het. Ek het nou 'n kierie voor die Hof, bewysstuk 7. Is dit die tipe kierie wat hulle gehad het? --- Dit is die tipe kierie nou voor die Hof.

En die 15 tot 20 Bantoes wat u by die Polisiestasie gekry het, was hulle mans of vrouens? --- Daar was mans en vrouens, en van die Bantoevrouens het ook gehuil.

En die mans, wat was hulle houding? --- Hulle was baie bevrees.

En nadat u 'n rapport van hulle ontvang het, het u saam met Kaptein Cawood na die skole toe gegaan? --- Ons is toe terug met Seeisostraat, in die rigting van die munisipale kantore. Op die oop perseel langs die skole, d.i. op die hoek stuk grond, het ons 'n groep Bantoemans aangetref, ongeveer 300. Ons het stilgehou en die Polisie het uitgeklim, maar nog voordat Kaptein Cawood kon praat het hulle met klippe uit die donker na ons gegooi.

Was dit baie of min klippe? --- Daar was baie klippe. Daar was van die Suid-Afrikaanse Polisie raakgegooi asook van die voertuie. Daar was 'n geskree by die skole

aan/....

aan die oostekant, en ons het omgegaan na die oostekant. Ook daar was die Polisievoertuie met klippe bestook. Dit is donker daar en Kaptein Cawood het beveel dat ons moet teruggaan na die Polisiestasie. Op pad terug na die Polisiestasie, in Ghabaseanestraat, het ons nog 'n groepie Bantoes gekry, ongeveer 100 na 150, maar die het weggehardloop.

Toe kom julle weer by die Polisiestasie? --- Ons is weer terug na die Polisiestasie, en toe was dit half-vyf.

Nou, net voor ons verder aangaan mnr. Labuschagne. Die Bantoes wat u sê wat omtrent 300 in getal by Seeïsostraat was, dit is 'n straat wat elektriese ligte het? --- Ja.

En was hulle bewapen die klomp? --- Hulle was, hulle het....

**DEUR DIE HOF:**

Is dit toe die naturelle naby die skool, naby die hoek? --- Daar by die skool op die hoek, die 300. Hulle het kieries gehad en ek het een gesien met 'n handbyl.

**VERHOOR VERVOLG:**

En vanwaar het die klippe gekom? --- Van hulle rigting. Hulle het in die donker weggehardloop en die klippe het uit die donker gekom.

Het hulle aan die oostekant van die skool ingehardloop? --- Hulle het aan die oostekant omgehardloop, en party het oor die skooldraad gespring.

Het hulle enige oënskynlike leier gehad? --- Ek het niemand daar gesien nie.

En die klippe wat hulle gegooi het, wat het van die klippe geword? Was hulle versamel of nie? --- Nee, dit was te vinnig daar.

Kan u die Hof enige idee gee van die grootte van die klippe wat gegooi is? --- Edelagbare, dit is moeilik. Daar lê klippe rond. Dit is ongeveer hierdie grootte. (Getuie

dui/....

dui aan).

DEUR DIE HOF:

Omtrent so groot soos 'n vuis? --- Net so groot soos my vuis Edelagbare.

VERHOOR VERVOLG:

En die lede van die Polisie wat raakgegooi is, het hulle enige wonde of letsels opgedoen? --- Een van hulle het baie kruppel geloop, maar ek het nie gesien of dit 'n oop wond was nie.

Omtrent 4.30 v.m. is julle toe terug na die Polisiestasie? --- Ja.

Nou, hierdie ander groepie van omtrent 100 na 150 wat julle in Ghabaseanestraat gekry het, het hulle miskien wapens gedra? --- Ja, hulle het ook kieries gehad, maar toe hulle die Polisievoertuie sien het hulle weggehardloop.

Nou, die twee groepe, was daar enige vrouens tussen hulle? --- Daar was geen Banteevrouens by hulle nie.

En wat het gebeur daar by die Polisiestasie? --- Kaptein Cawood en ek het toe samesprekings gehou hoekom die bus nie ingekom het nie, en ons is vandaar na die busterminus. Gewoonlik kom die bus om half-vyf in, die eerste bus.

Nou, watter bus is dit? --- Dit is die busdiens wat die Bantoes vervoer vanaf die lokasie na Vereeniging.

Is dit 'n privaatmaatskappy? --- Dit is 'n privaatmaatskappy, Vaal Transport Corporation.

Vaal Transport Corporation? --- Ja.

Is dit die enigste maatskappy wat 'n verveerkontrak het vir die Bantoes uit Sharpeville na die dorp en terug? --- Dit is korrek.

En het u toe al opgelet dat die eerste bus het nie opgedaag nie? --- Dit het nie gekom nie.

En het u toe afgegaan na die busterminus toe? ---

Ja/....

Ja. Ons het daar verteef vir ongeveer 'n halfuur, en terwyl ons daar was het vanuit baie rigtings Bantoes na die busterminus gekom. Dit het gelyk asof dit werkers was. Hulle het blikkies kos saamgebring. Hulle het daar gestaan en almal het verneem wanneer die bus kom. Ek het iemand na die busmaatskappy gestuur, en daar het toe honderde mense saamgekom terwyl ons daar was.

Was dit mense met blikkies toebroodjies en so-aan? --- Werkers ja. Terwyl ek nog daar was het die persoon van die busmaatskappy teruggekom.

Dit is jou hoofskapper? --- Ja, en hy het 'n rapport aan Kaptein Cawood gemaak. Ons het dieselfde persoon en van die Suid-Afrikaanse Polisie na die huise van die busdrywers gestuur om hulle te haal, dog ons kon niemand tuis kry nie. Ons is toe uit na die Lokasiesuperintendent se kantoor. Daar het ons van die blanke eienaars van Vaal Transport gekry, en die het gereël dat 'n blanke drywer met 'n bus sal ingaan. Die blanke drywer het gery met Zwanestraat, en net toe hy tussen die eerste huise ingaan was daar klippe vanuit die donker, d.i. agter die huise, na die bus gegooi.

U praat van Zwanestraat wat hy gery het...? --- Ekskuus Edelagbare, dit is Seeïso, ek is jammer. Dit was Seeïsostraat. Hy het onmiddellik omgedraai en geweier om verder te gaan. Ons is toe weer terug na die busterminus, Kaptein Cawood, ek en die ander Polisie, en daar het ons toe baie Bantoes saam gekry, mans en vrouens. Die een groep het verneem wanneer die bus inkom, en die ander groep het geskree en gesing „Afrika! Afrika!"

By daardie groepie wat gesing het en "Afrika!" geskree het, was daar enige navraag gedoen in verband met die busse? --- Nee.

Wat was hulle houding, daardie groepie wat gesing het/....

het, teenoor die ander en die lede van die Polisie? --- Nee, hulle het net daar rondgespring en hulle duim opgesteek en „Afrika! Afrika!" geskree. Kaptein Cawood het hulle ignoreer en verbygegaan.

Omtrent hoe laat was dit mnr. Labuschagne?--- Dit was ongegeer 6 uur, net na 6.

Se dit was al lig gewees? --- Dit was al lig gewees. Toe ons by die gemeenskapssaal kom het daar 'n ander Polisievoertuig opgedaag van Vereeniging. Dit was Majoor van Zyl. Na samesprekings daar is Kaptein Cawood weg na Vanderbijlpark.

Majoor van Zyl is die Distrikskommandant van Vereeniging? --- Van Vereeniging, dit is reg. Majoor van Zyl het toe gesê dat daar 'n groep Bantoes saamgetrek was in Seeïsoestraat naby die kantoor en dat ons dadelik terug moes gaan. Ons is almal terug toe voor die hostels. Dit was toe ongeveer 7 v.m. Daar in die straat voor die hostel se hek was ongeveer 2,000 Bantoes saam. Daar het baie Bantoefietsryers van die lokasie gekom in die rigting van die kantoor. Dit het gelyk of hulle op pad was na hulle werk, en hulle was almal deur die groep in die pad voorgekeer. Een Bantoeman het probeer om met sy motorkar deur te kom, maar die motorkar was opgetel van die grond af en sy ruite stukkend gegooi.

Nou, watter tipe motorkar was dit? --- Dit was 'n Fordkar.

'n Nuwe of 'n ou model? --- Nee, 'n ou model. Majoor van Zyl het toe vooruitgegaan en met die Bantoes gepraat.

Nou, net voor u daar kom wil ek u net 'n foto toon, bewysstuk nr. 8. Hoe vergelyk daardie foto met die motorkar wat u daardiedag daar gesien het? --- Dit is die voertuig. Majoor van Zyl het na vore geloop en met die

Bantoes/....

Bantees gepraat. Ek kon nie hoor wat hy sê nie, want ek was omtrent 50 tree agter hom.

Het hy alleen verentoe geloop? --- Hy het eers alleen na vore gegaan.

En hierdie Bantoes, was hulle gewapen? --- Ja, sommige het kieries gehad; daar was ook Banteevreuens, maar die meeste was Banteekinders.

En wat was hulle hele houding? --- Hulle was daar uittartend.

**DEUR DIE HOF:**

Jy sê die meeste was kinders? --- Ja.

Hoe bedoel jy? Watter ouderdom? --- Edelagbare, van ongeveer 12 na 16, 18 jaar. Terwyl Majoor van Zyl met hulle gepraat het het hulle hom uitgejou en geskree „Afrika! Afrika!"

**VERHOOR VERVOLG:**

Ek neem aan hy het volle Polisieuniform gedra? --- Hy was geklee in sy uniform.. Terwyl hy gepraat het het beskuldigde nr. 1 vanaf die hostelhek tot in die straat gekom met 'n groep van ongeveer 200 na 300 Banteemans agter hom.

Wat is die getal wat u gesê het? ---Tussen 200 en 300 Banteemans agter hom.

Het hulle wapens gedra? --- Nee, hulle het niks gehad nie. Beskuldigde nr. 1 het op 'n klip gaan staan voor die hek, en „Afrika! Afrika!" geskree, en vir die groep agter hom gewys, sy hand geswaai, dat hulle moet aankom.

Vir u, hoe het dit gelyk, in watter verband het hy gestaan teenoor die mense wat hy gewys het om aan te kom? ---Dit het gelyk asof hulle die Polisie wou aanval.

En wie was die leier van hierdie groep? --- Dit was beskuldigde nr. 1.

Gaan asseblief aan? --- Majoor van Zyl het omgedraai en/....

en die Suid-Afrikaanse Polisie beveel om in te val in 'n ry dwarsoor die straat.

Omtrent hoeveel Polisielede was daar wat toe ingeval het? --- Edelagbare, ek skat ongeveer tussen 15 en 20.

Omtrent hoeveel blankes was daar tussen daardie klomp? --- Seker omtrent tien. Majoor van Zyl het toe 'n voertuig teruggestuur na Vereeniging om traangas te kom haal.

Hoe was die Polisielede bewapen? --- Sommiges het rewolwers gehad, en ek het een met 'n .303 geweer daar gesien.

Op daardie tydstip het jy enige outomatiese wapens gesien? --- Nog nie. Die Polisie het so gestaan totdat die voertuig opgedaag het van Vereeniging af.

Hoe lank het dit gevat? --- Edelagbare, seker nie 20 minute nie; dit was baie gou.

En wat was die houding van hierdie massa teenoor die Polisie? --- In die tussentyd het die groep by beskuldigde nr. 1 klippe opgetel en die kinders, die jeugdiges, het hopies klippe in die straat bymekaar gedra. Daarna het ek gesien dat 'n blanke Sersant, ek dink Sersant Steenkamp, met 'n masjiengeweer gewapen was.

Nou wanneer u sê 'n masjiengeweer, bedoel u seker die Stengeweer? --- Die Stengeweer. Ekskuus Edelagbare. Daar was toe traangas na die skare gegooi.

Hoekom was gebruik gemaak van die traangas? --- Omdat hulle nie terug wou gaan nie.

Was hulle ooit beveel of gevra om terug te gaan? --- Majoor van Zyl het seker twee of driekeer na vore gegaan en met hulle gepraat, maar hulle het hom al hoe meer uitgejou en geskree.

En hoeveel traangasbomme is gegooi? --- Edelagbare, ek is nie seker nie. Vier of ses, ek is nie seker nie.

En was daar enige wind daardie dag? --- Ja, die

wind/....

wind het van die suidkant gewaai, d.i. vanaf die Bantoes na die Polisie. Onmiddellik toe die traangas gegooi was het die groep mans saam met beskuldigde nr. 1 klippe na die Polisie gegooi. Iemand langs Majoor van Zyl het 'n skoot geskiet in die lug, en die Polisie het onmiddellik teruggeval omdat die traangas op ons gewaai het. Majoor van Zyl het toe afgegaan van die pad na links, in dieselfde straat voor die hostels, maar hy het in die veld gegaan, op die linkerkant van die pad, tesame met ongeveer 20 Polisie. Hulle het toe die skare Bantoes gestorm. Daar was toe ongeveer tussen 2,000 en 3,000 saam. Die Bantoes het teruggehardloop in die rigting van die lokasie. Die Polisie het hulle agtervolg, en net toe hulle by die eerste huise kom het die Bantoes van agter die huise klippe na die Polisie gegooi. Op die hoek van Seeisostraat en Mohanoelaan.....

Waar is Mohanoelaan? --- Dit is die heel eerste straatjie die dwarsstraat. Dit is die eerste ry huise en die laan wat dan volg.

Net waar daardie "X.2" op bewysstuk 2 is? --- Dit is net die eerste hoek Edelagbare, net twee huise verby.

U verwys nou na bewysstuk nr. 2? --- Ja. Hier waar ons die lokasie ingaan, dit is die eerste ry huise, die tweede ry huise, en op die hoek van die tweede ry huise. (Getuie dui aan op bewysstuk 2). Dit is Mohanoelaan daardie. Hy kruis Seeïsostraat. Dit is nog voordat ons by die poskantoor kom.

Kan u net die naam Mohanoestraat spel? --- Ek is jammer Edelagbare. Dit is Mohanoelaan.

DEUR DIE HOF:

U hou aan praat van net as u by die huise ingaan, maar as ek jou plan reg volg dan was daar huise voor julle gewees, en daar was huise agter julle aan die regterkant

van/....

van Seeïsestraat, almal aan die eenkant van die straat? --- Ja, aan die regterkant.

Nou, kyk op bewysstuk 2. Daar is die woorde "melkdepot, poskantoor en hostel"? ---Ja.

Nou, net voor die end van die pyle wat na melkdepot en poskantoor wys, is dit daardie laan wat jy van praat? --- Dit is korrek.

Nouja, ek sal dit hier op my bewysstuk invul. Is dit Mohanoe? --- Ja, dit is Mohanoe. Daar was klippe van agter die huise op die Polisie gegooi. Een blanke konstabel se pet het afgeval en hy was met 'n klip teen sy kop gegooi. Hy het geval en 'n groep Bantoes het na hom gehardloop. Onmiddellik het van die Polisie gevuur. Ek was skuins agter ek dink Sersant Steenkamp. Hy het twee skote in die lug gevuur.

VERHOOR VERVOLG:

Is hy 'n sersant of 'n konstabel, die man Steenkamp? --- Dit was 'n sersant. Die Bantoes het omgespring en weggehardloop en ons is saam na die beseerde konstabel en ons het hom teruggedra tot by die voertuig.

Volgens die houding van die groep wat na die man gehardloop het wat daar op die grond gelê het, kan u sê miskien wat hulle plan was om met hom te maak? --- Dit het gelyk asof hulle hom nog gaan aanrand. Die toestand was daar gevaarlik.

Die beseerde man is toe teruggedra? --- En 'n voertuig het hom na die hospitaal geneem. Majoor van Zyl het toe gesê dat hy bekommerd is oor die Polisiestasie, en dat ons moes voortbeweeg met Seeïsestraat in die rigting van die Polisiestasie. Die Polisie het nou met die voet geloop.

Het julle met Seeïsestraat geloop? --- Met Seeïsestraat in die rigting van die gemeenskapsaal. Toe ons amper by die skole kom was ons gekeer aan alkante deur 'n groot

groep/....

groep Bantoes, voor, weerskante en agter ons.

Nou ontrent hoeveel was hulle? --- Dit was moeilik. Ek skat ongeveer 2,000, maar daar was baie; in die agterplase, aan beide kante, agter ons in die straat, en voor ons.

En was dit mans of....? --- Dit was mans, vrouens en kinders.

Was die mans gewapen gewees? --- Nee, maar party het klappe gehad en het klippe na die Polisie gegooi.

En wat was hulle hele houding teenoor die Polisie? --- Hulle was kwaad.

Op watter manier het hulle hulle gevoelens gewys? --- Hulle het geskree „Afrika! Afrika!", hande geswaai, en die Polisie uitgedaag. Hulle het „Come! Come!" geskree.

Het hulle enige leier gehad op daardie tydstip? --- Daarwas nog niemand nie.

En wat het daar gebeur? --- Majoor van Zyl het beveel dat die Polisie moes staan. Hy het gevra vir versterkings. Majoor van Zyl het toe na die regterkantse sypaadjie gegaan, en ek na die linkerkant. Ek kon sien dat hy met die Bantoes praat, en ek het met die Bantoes aan die linkerkant gepraat.

Wat het u vir u klompie gesê? --- Hulle was baie ...n ek het hulle gevra om huistoe te gaan.

Hoe het hulle daarop gereageer? --- Hulle het na ...y geluister en omgedraai, maar die groep aan die kant van ...ajoor van Zyl het weer begin skree, en die klomp van my het ...eer omgedraai. Ek het van die bekende Bantoes geroep en hulle ...evra om my te help om weer met die mense te praat, o.a. een van ...e Bantoe Adviesraad, Patrus Metlanyane. Hy het met hulle ...epraat maar hulle het hom doodgeskree, en hy het omgedraai ...n teruggegaan. Toe vanuit die skare het beskuldigde no. 6 ... vore getree en geloop tot ongeveer 2 tree voor Majoor van Zyl/....

Zyl. Hy het aan Majoor van Zyl gesê "You must come to the police station". Hy het sy vinger na Majoor van Zyl gewys en hom uitgedaag en gesê "Come! Come!" Majoor van Zyl het sy rug op hom gedraai en teruggekom na ons toe.

Hoe het die ander Bantoes gereageer toe nr. 8 na vore kom en sy vinger vir Majoor van Zyl wys? --- Hulle het na vore gekom, baie. Ek skat ongeveer 5,000 saam.

Maar toe die man optree en sy vinger in die Majoor se gesig wys, was daar enige reaksie van die massas? --- Hulle het baie geskree en vinnig in die rigting van die Polisie beweeg. Majoor van Zyl het onmiddellik omgedraai en die Polisiemanne bymekaar geroep. Die skare het weer stadig agteruitbeweeg toe die Polisie bymekaar kom. Beskuldigde nr. 8 het 'n groen "lumber jacket" aangehad.

Sien u die bewysstuk nou voor die Hof? Dit is 'n "lumber jacket"? --- Dit is die baadjie wat hy aangehad het.

Bewysstuk nr. 9 Edelagbare. Ja, die skare het toe stadig agteruitgegaan? --- Beskuldigde nr. 8 het toe aan hulle geskree "Come, let us march to the Police Station!" Hulle het omgedraai en hom gevolg met Seeisostraat in die rigting van die Polisiestasie.

Wie was toe voor? --- Beskuldigde nr. 8 was voor.

Omtrent hoeveel het hom gevolg? --- Baie Edelagbare, seker tussen 4,000 en 5,000, maar net voordat hy omgedraai het het daar versterkings vanaf Johannesburg gekom. Dit was Kaptain Coetzee,ek dink met twee voertuie, en nog lede van die Suid-Afrikaanse Polisie. Iemand het my daar geroep en gesê dat ons bo-op die dak van een van die voertuie moes klim, en vanaf die dak kon jy diehele straat vanaf die skole tot by die gemeenskapssaal sien, Seeisostraat, en die hele straat vanaf die skole tot by die biblioteek was een blok Bantoes aanmekaar.

Hulle/....

Hulle het beweeg in die rigting van die Polisiestasie.

Omtrent hoe laat was dit? --- Dit was ongeveer 11, 11.30 v.m.

Nou wat is u skatting van daardie skare? --- Ek het geskat ongeveer 6,000, 7,000. Vandaar is met .... daar het toe twee "Saracens" opgedaag, terwyl ons nog....

Mnr. Labuschagne, net voor u aangaan. U het gepraat van nr. 1 beskuldigde daar by die munisipale kantore, daar by die hostel met die groep mans? ---Ja.

Wat het van nr. 1 beskuldigde geword daar? --- Voor die Bantoes teruggeval het was beskuldigde nr. 1 deur die Polisie arresteer.

Was dit miskien deur Speurdersersant Wessels en 'n ander lid van die Polisie? --- Dit was Speurdersersant Wessels en 'n lid van die uniform-afdeling.

Het u opgelet of nr. 1 beskuldigde enige kentekens of iets aan hom gehad het tydens sy arrestasie? --- Hy het aan sy baadjie se lapel 'n blou kaartjie gehad, met die woorde in swart "P.A.C. Africa for the Africans".

En beskuldigde nr. 8, wie bewysstuk nr. 9 aangehad het, het hy enige kentekens gedra? ---Ja ook, toe hy omdraai het ek aan die baadjie nou voor die Hof ook 'n blou kaartjie "P.A.C. Africa for the Africans" gesien.

Hy was nie gearresteer nie, hy het ook na die Polisiestasie gegaan? --- Nee, hy was terug na die Polisiestasie toe.

Nou, het voor die het ons by die stadium gekom waar die massas van 6,000 of 7,000 op pad was na die Polisiestasie? --- Ja, dit is so.

En die twee "Saracens" het toe opgedaag? --- Edelagbare, net voordat die twee "Saracens" opgedaag het, het daar blanke persone vanaf die Lokasiesuperintendent se

kantoor/...

kantoor per motor in Seeisostraat na ons toe gekom.

Kan u die motor beskryf? --- Dit was 'n laat model Ford motor.

Was dit mnr. van Wyk se motorkar daardie? --- Dit was mnr. van Wyk en mnr. Ferreira en nog ander blankes in die voertuig.

En wat het van hulle geword? --- Op pad na ons waar ons was kon ek sien dat daar klippe na die motor gegooi word.

Kon u sien of die motor wel getref is deur die klippe? --- Die motor was beskadig. Die persone het 'n paar woorde met Majoor van Zyl gepraat, ingeklim en teruggery.

Sal u net na hierdie kiekie kyk? Kan u sê of u die motorkar herken? --- Dit is kiekies van die voertuig.

Dit is bewysstuk 10 en bewysstuk 11 Edelagbare.

En wat het gebeur toe die motorkar onder klippe gesteek is? --- Hulle het omgedraai en teruggery in die rigting van die kantoor, en daar was weer van agter die huise klippe na die voertuig gegooi. Net daarna hettwee "Saracens" opgedaag.

Het u later uitgevind wie die offisier in bevel van die"Saracens" was? --- Nee Edelagbare. Ek ken hom net van sien, ek ken nie sy van nie.

Ja? ---Na samesprekings met die Polisie daar is een groep agter die "Saracens" met Seeisostraat in die rigting van die Polisiestasie.

DEUR DIE HOF:

Is dit een groep Polisie? ---Polisie ja.

VERHOOR VERVOLG:

In watter straat het hulle gegaan? --- Met Seeiso, en Kaptein Coetzee het my gevra om hom met 'n ompad na die Polisiestasie te neem.

Was u deur 'n "Saracen" begelei? --- Nee, die "Saracens"....

"Saracens" is na die Polisiestasie.

En met watterommpad het u gery? --- Edelagbare, ons het van daar na links gedraai....

Dit wil sê uit Seeïso? --- Uit Seeïso na links, langs die skole up, en ons het weer verder aan, aan die oostepunt, in Zwanestraat gekom. Ons het toe terugbeweeg in Zwanestraat in die rigting van die Polisiestasie. Toe ons regoor die laaste huis in Zwanestraat kom....

Is dit die laaste huis net voor die Polisiestasie? --- Dit is reg; op die kruispad het Kaptein Coetzee beveel dat ons daar moet wag. Dit was toe ongeveer half-een. Voor ons in die straat was daar toe baie duisende Bantoes saam. Dit was mans, vrouens en kinders.

En in watter rigting het hulle gekyk? --- Hulle het in die rigting van die Polisiestasie gekyk.

Nou, omtrent hoeveel.... wat is u skatting van die klomp wat daar was, wat u daar gesien het? --- Edelagbare, die hele straat was vol. Ek sal skat ongeveer 3,000 na 4,000 in Zwanestraat. Daar was ook Bantoes aan ons regterkant, en daar was ook Bantoes op die oop perseel aan die agterkant van die Polisiestasie, d.i. aan die noordekant. Die westekant kon ek nie sien nie. Terwyl ons daar gestaan het, het beskuldigdes nrs. 3 en 4, asook beskuldigdes nrs. 39, David Ramodibe, na vore gekom, hulle hande geswaai en „Afrika! Afrika!" geskree.

Nou, van watter gedeelte van die massas het hulle na vore gekom? --- Hulle het uit die straat, die klomp reg voor die Polisie Edelagbare, gekom.

Is dit Zwanestraat of daardie onbekende straat? --- Zwanestraat. Hulle het die Polisie uitgetart.

Hoe? --- Hulle het hulle hande geswaai. Beskuldigde nr. 8 het sy baadjie se punte se reguit geruk...(Getuie dui aan).

Watter/....

Watter beskuldigde was dit? --- Nr. 8, en ek het gehoor dat Kaptein Coetzee aan die Polisie sê om kalm te bly. Onmiddellik daarna het die vliegtuie opgedaag. Die vliegtuie het laag oor die Bantoes gevlieg.

Van watter rigting het die vliegtuie gekom? --- Van oos na wes, dieselfde rigting van Zwanestraat.

Omtrent hoeveel vliegtuie was daar? --- Daar was ses, drie van een soort en drie van 'n ander soort.

Nou, was enige van hulle "Jets" of spuitvliegtuie? --- Daar was drie "Jets" Edelagbare.

En het die andere baie geraas, die ander wat nie "Jets" was nie? --- Hulle het.

DEUR DIE HOF:

Was dit 'n "Harvard"? --- Ja.

VERHOOR VERVOLG:

'n "Kennedy Harvard". Nou, het dit enige uitwerking op die Bantoes gehad, die vliegtuie wat oor hulle geduik het? --- Edelagbare ja, met die eerste vliegtuie het hulle uitmekaar gegaan, maar ongeveer tien minute daarna het hulle weer saamgedrom, en hulle was toe baie meer as tevore.

Nou, wie was die leiers die dag? Was daar enige leier wat u kon sien van die Bantoes? --- Dit het gelyk of beskuldigdes nrs. 3, 4, 8 en 39 die leiers was daar.

En toe die beskuldigdes iets gedoen het, Afrika geskree het en die Polisie uitgetart het, wat was die reaksie van die ander Bantoes? --- Hulle het na vore gekom en ook vreeslik geskree. Ek het toe aan Kaptein Coetzee gesê dat ek sal probeer deurgaan tot binne in die Polisiestasie. Ek het met die Bantoes aan die oostekant van die draad gepraat en hulle gevra om terug te gaan. Hulle het teruggegaan maar het om na die noordekant beweeg. Ek het aan die oostekant oor die draad geklim en deurgegaan tot binne in die

Polisiestasie/....

Polisiestasie.

Het enige lede van die skare enige aanmerkings gemaak terwyl u hulle gevra het om terug te staan en oor die draad geklim het? --- Nee Edelagbare, hulle was gehoorsaam.

Nou, tussen hierdie massas wat daar voor en om die Polisiestasie was, was daar enige wapens tussen die Bantoes? --- Aan die oostekant het ek niemand met wapens gesien nie, maar toe ek omkom aan die suidekant was daarwel mense met kieries.

Nou, is u bereid om te sê dat normaalweg dra 'n Bantoe 'n kierie of 'n stok of iets saam met hom? --- Ja, maar nie meer in die lokasies nie; dit word baie selde gedra.

En die kieries wat u genoem het, was daar baie van hulle? --- Nie vreeslik baie nie.

Is u in staat om te sê watter persentasie van die Bantoes wat u gesien het kieries en stokke gedraai het? --- Dit is moeilik. Ek sal sê elke derde een.

U sê u het toe oor die draad geklim aan die oostekant, en waarheen het u gegaan? --- Ek het voor om die Polisiestasie, in Zwanestraat se kant, omgegaan na die groot hek aan die westekant. Toe ek voor die Polisiestasie se deur kom het ek gesien dat beskuldigdes nrs. 3 en 4 binne die draad by die Polisiestasie was. Al die Bantoes was buite, behalwe 3 en 4, en nog 'n Bantoe met 'n lang kierie.

Is hy vandag hier, daardie een met die lang kierie? --- Ek ken hom nie.

En wat was nrs. 3 en 4 besig om te doen? --- Beskuldigdes nrs. 3 en 4 het op en af langs die draad beweeg met hulle gesigte in die rigting van die Bantoes. Hulle het hulle hande in die lug geswaai en „Afrika! Afrika!" geskree, en elke keer wanneer hulle skree het hulle hul regterhandse duim in die lug gesteek, en dan het die hele skare geskree

Afrika/....

„Afrika! Afrika!". Ek het om beweeg en agter ingegaan vir ongeveer tien minute. Toe ek terugkom het daar Polisievoertuie opgedaag by die hek aan die westekant, maar die voertuie kon nie deurkom nie omdat daar te veel Bantoes was.

Nou, hierdie Polisievoertuie, was hulle motorkarre of trokke? --- Daar was twee karre en en trok dink ek.

En het u later uitgevind wie die insittendes was van daardie twee karre wat daar gekom het?--- In een van die karre was Kolonel Pienaar en in die ander was ek dink Kolonel Prinsloo en Kolonel Spengler.

Kan u net sê omtrent hoe laat dit was toe daardie twee karre daar gekom het? --- Dit was seker in die omgewing van eenuur skat ek. Daar was toe baie Polisie saam langs die Polisiestasie aan die binnekant van die draad, en daar was ook 'n groep saam aan die buitekant wat probeer het 'n pad maak vir die voertuie om in te kom. Toe hulle die hek oopmaak het 'n groep van die Bantoes probeer om in te kom, maar hulle was teruggedruk deur die Polisie aan die binnekant. Toe die voertuie binne was het ek gesien dat een persoon in uniform Kolonel Pienaar was. Hy het toe dadelik met die ander polisie gepraat, die Polisieoffisiere. Daar was 'n hele aantal toe. Hy het omgedraai en beveel dat die Polisie moet inval in 'n lyn langs die draad aan die westekant. Net toe het Kolonel Spengler vanuit die Polisiestasie gekom en in die rigting van die hek geloop.

Het hy uniform gedra of nie? --- Nee, hy was in privaatklere.

En Kolonel Pienaar? --- Kolonel Pienaar was in uniform geklee. Kolonel Spengler het met beskuldigde nr. 3 gepraat.

Kon jy hoor wat hy sê? --- Nee, en hy het hom saamgeneem terug in die Polisiestasie.

Hoe/....

Hoe bedoel u, hoe het hy hom saamgeneem? --- Hy het hom aan sy arm gehad, aan sy bo-arm.

En nr. 3 beskuldigde, hoe het hy gereageer? --- Hy het saamgeloop.

Het hy enige kentekens aan hom gehad, d.i. nr. 3 beskuldigde? --- Edelagbare, ek is nie baie seker nie. Ek dink hy het 'n blou kaartjie gehad, waarop "P.A.C. Africa for the Africans" gestaan het. Na 'n rukkie het hy uitgekom, d.i. Kolonel Spengler, en hy het met beskuldigde nr. 4 gepraat.

Het hy enigiets aan sy baadjie gehad, d.i. nr. 4, of aan sy klere? --- Nee, ek kan nie onthou dat hy iets gehad het nie. Hy het 'n grys baadjie aangehad.

Kon jy hoor wat die gesprek was tussen hulle? --- Nee, ek kon nie hoor nie, maar Kolonel Spengler het hom ook aan sy arm geneem, en ek kon sien dat hy beswaar maak; dit het gelyk of sy arm seer was.

Nou, wat het u gesien? Was dit net sy reaksie toe hy aan die arm geneem is? --- Nee, hy het sy een arm teen sy bors gehou - ek kan nie onthou of dit sy regter- of sy linkerarm is nie, maar hy het hom so gehou. (Getuie dui aan). Hulle het geargumenteer en hy is toe saam met Kolonel Spengler ook in die Polisiestasie in.

Nou, hoe ver het u van Kolonel Spengler gestaan toe hy eerstens met nr. 3 gepraat het en tweedens met beskuldigde nr. 4? --- Edelagbare, ek het teen die muur van die Polisiestasie aan die westekant gestaan, ongeveer 15 tree van Kolonel Spengler af.

En hoekom kon u nie hoor wat die gesprek was wat tussen die twee plaasgevind het nie? --- Die mense het vreeslik geskree en lawaai; ons kon niks hoor wat daar gepraat word nie, en veral toe Kolonel Spengler beskuldigde nr. 4 inneem het die skare vreeslik te kere gegaan. Ek het toe bekommerd geraak en na vore na die hek gegaan.

Hoekom/....

Hoekom was u bekommerd? ---Omrede ek gesien het dat die skare teen die draad druk, en die draad was reeds vooroor gedrukk.

Hoe ver uit posisie was die draad gedruk toe u dit opgemerk het? --- Edelagbare, dit is moeilik om te sê; ek sal sê ongeveer 30 na 35 grade.

Kan u met daardie fraad beskrywe, d.i. net vir rekorddoeleindes? --- Edelagbare, dit is 'n gewone "diamond mesh" draad, ongeveer 4 voet hoog met ek dink drie lyndrade en ysterpale tussenin.

Ek wil vir u met 'n kiekie toon, bewysstuk 12, en ook bewysstuk 13. Toon dit die draad aan die westekant van die Polisiestasie? --- Dit is korrek, dit is die draad waarvan ek nou praat. Hierdie een is die suidekant.

Ek neem aan mnr. Labuschagne dat toe u daar by die Polisiestasie gekom het, en voor daardie dag, was daardie draad aan die westekant geensins beskadig nie? --- Ek was die vorige middag daar, Sondagmiddag, en toe was die draad gladnie beskadig nie.

Nou, net voor u weer aangaan in verband met toe u voortgestap het, weet u, was daar enige vrouens en kinders daar? --- Daar was. Hulle was gemeng, daar was mans, vrouens en kinders.

En hoe het die vrouens wat daar teenwoordig was en wat u gesien het, hoe het hulle hulself gedra? --- Hulle het vreeslike te kere gegaan, gespring en geskree.

Het hulle enigsins enigiets gedoen behalwe geskree? --- Ja, sommige van hulle het hulle rokke opgeruk.

Nou, ons het tot by die stadium gekom..... Wat as die hele houding van die massas daar teenoor die Polisie at daar binnekant die Polisiestasie was? --- Dit het gelyk e asof hulle baie kwaad is. Ek het na vore geloop en omtrent ee tree vanaf Kolonel Pienaar gaan staan.

Hoe/....

Hoe ver was hy van die draad af weg? --- Hy was net agter die lyn van die manne wat ingeval het, ongeveer 6 tree van die draad.

En die manne wat ingeval het, hoe was hulle gestaan? Was hulle in enkel gelid of in dries of in twees? ---Hulle het eers in twee rye ingeval, maar Kolonel Pienaar het hulle weer laat terugval en in enkel ry inval.

En ek neem aan hulle was gewapen met gewere? --- Hulle was toe gewapen, sommige met rewolwers en ander met .303 gewere.

En enige outomatiese wapens? --- Ja, verderaf in die ry, ver van my, was twee blanke Polisie met Sten-gewere.

Nou, aan watter kant was hulle? Aan die suidekant of die noordekant, die twee met die Sten-gewere? --- Hulle was aan die suidekant van die ry Polisie.

**DEUR DIE HOF:**

Aan die suidepunt? --- Die suidepunt Edelagbare.

**VERHOOR VERVOLG:**

Omtrent hoeveel Polisie het toe daar gestaan in enkel gelid daar voor die draad? --- Dit is moeilik. Ek het hulle nie getel nie, maar ek skat ongeveer tussen 30 en 40.

Het die ry Polisiemanne die hele lengte van daardie westekant van die draad gestrek of nie? ---Nee, daar was 'n opening aan die noordekant. 'n Entjie weg van die hoek het die eerste man gestaan, en net agter die eerste manne het twee "Saracens" langsmekaar gestaan.

En hoever suid het die lyn gestrek? --- Ek dink tot by die hoek. Ek kon nie mooi sien vanwaar ek gestaan het nie.

Nou, u het gesê daar was twee "Saracens" aan die noordekant agter die manne. Was daar enige ander "Saracens" in die omgewing? --- Ek dink daar was een "Saracen" in die

agterplaas/....

gterplaas getrek by die Polisiestasie, of meer - ek is nie
ker nie - maar buite was nie meer nie.

**EUR DIE HOF:**

Is die agterkant aan die noordekant van die Polisiestasie, d.w.s. die agterkant van die Polisiestasie? ---Edelagare, as ek praat van die agterkant, die Polisiestasie, die ebou self is toegebou. Dit is vierkantig toegebou.

O, is dit binne in? --- Binne in die agterplaas.

Binne in die agterplaas? ---Ja.

**ERHOOR VERVOLG:**

Kan ek net hierdie foto aan u toon, bewysstuk 13? it toon aan die Polisiestasie self met 'n klomp Bantoes n dit, maar op die oomblik stel ek net belang in die gebou elf van die Polisiestasie. Die plek waar u dink die Saracen" gestaan het, is dit min of meer die plek waar 'n otorkar aangetoon werd wat geparkeer is binnekant die quadrangle" soos ons dit sal noem, van die gebou, die vierantige plein binnekant? ---Ja, dit is in die agterplaas, in e binneplein.

Nou, u sê u het naby Kolonel Pienaar gaan staan? ---
a.

En wat het verder gebeur terwyl u daar gestaan het? -- Die skare se houding was toe vyandig, en ek dink die oestand was gevaarlik. Dit het my gelyk asof Kolonel Pienaar ekommerd raak.

Nou, voorheen het u melding gemaak dat u kon nie ien aan die westekant nie, maar nou is u wel daar aan die estekant. Was daar enige wapens wat die mense gedra het an die westekant tussen die massas? --- Edelagbare, daar was antoemans met kieries.

Omtrent hoeveel? Watter persentasie was dit? ---
it is baie moeilik om te sê. Een het gehad en twee nie, en

twee-drie/....

twee-drie bymekaar het weer gehad. Dit is baie moeilik om te sê.

En toe u tot die gevelgtrekking gekom het dat die posisie is nou vyandig en miskien gevaarlik, wat het die Bantoes met die kieries gemaak? --- Nee, hulle het nog niks gemaak nie. Hulle het dit net in hulle hande gehou. 'n Mens kon nie veel sien nie, omrede hulle het bankvas teenmekaar gestaan. Die voorste ry het al be-op die draad gelê. Daar het toe nog Polisie-offisiere gaan staan aan die agterkant van die manskappe weg van Kolonel Pienaar aan sy linkerkant, en ek kon hoor dat Kolonel Pienaar sê dat elkeen vyf rondtes moet laai. Kolonel Spengler het toe weer vanuit die Polisiestasie gekom in die rigting van die hek. Die Bantoes by die hek het toe die hek oopgedruk, en een Bantoeman wou verbyglip by Kolonel Pienaar. Kolonel Spengler het die Bantoe voor aan sy baadjiekraag gegryp, en die Bantoes, die skare, het die man van agter aan sy broek en baadjie gegryp. Hulle het daar heen en weer geruk vir 'n oomblik, en toe was daar klippe vanuit die skare na Kolonel Spengler gegooi. Onmiddellik daarna was daar twee skote geskiet aan die linkerkant.

Vanwaar? --- Vanaf die skare se kant.

Vanaf die skare se kant? ---Ja. Kolonel Spengler het toe die Bantoe tussen die lyn Polisie deurgetrek.

Wie was dit? --- W Ek weet nie, en daar was toe meer klippe na die Polisie gegooi. Van die Polisie aan die linkerkant het toe gevuur, en toe ook....

**DEUR DIE HOF:**

Die Polisie aan die suidepunt? --- Aan die suidepunt Edelagbare. Die Polisie voor my het ook gevuur. Ek kon hoor dat Kolonel Pienaar skree "Stop! Stop!" Ek het na vore gespring, en die twee Polisie wat voor my gestaan het aan die skouers gegryp, en hulle het onmiddellik vuur gestaak.

Die/....

Die Bantoes het oormekaar geval en in alle rigtings weggehardloop. Ek het oor die draad gespring in een van die voertuie en na die kantoor gejaag. Ek het een van ons brandweerwaens met 'n uitsaaitoestel gevra om onmiddellik ambulanse te ontbie want toe ek oor die draad geklim het het ek gesien dat daar baie Bantoes om die Polisiestasie lê wat gewond was. Twee ambulanse het binne tien minute opgedaag. Ek het hulle weer vanaf die kantoor vergesel na die Polisiestasie. Daar gekom het ek die munisipale polisie wat teenwoordig was beveel om van die gewondes te help bymekaar dra en in die ambulanse laai. Ek het om die Polisiestasie geloop in die rigting van Zwanestraat, en ek het die Bantoes op die grond getel. Daar was altesaam 72 Bantoes in die straat om die Polisiestasie, wat of dood of gewond was. Daar het nog meêr ambulanse opgedaag, en lede van die Suid-Afrikaanse Polisie het gehelp dat ons die beseerdes in die ambulanse kry. Ek het van die waterkraan by die kliniek water laat haal en die mense water gegee. Lateraan het die Suid-Afrikaanse Polisie se lykswa opgedaag en ons het weer gehelp om die lyke op te laai en dit na die Polisiestasie te verwyder.

Nou eerstens, onmiddellik na die skietery opgehou het en die Bantoes het gevlug, wat het daar in die strate rondgelê? --- Daar het stokke, klippe, hoede en skoene rondgelê.

Dit is in Zwanestraat en daardie onbekende straat net onmiddellik voor die Polisiestasie? --- Dit is korrek, die straat tussen die kliniek en die Polisiestasie.

En weet u wat het van die stokke en klippe geword wat daar rondgelê het? --- Lede van die Suid-Afrikaanse Polisie het dit bymekaar gemaak.

Nou, die klippe wat na die Polisie gegooi is voor die skietery, was daar baie klippe wat gegooi was of nie? ---

Ja/....

Ja, dit is moeilik om te sê. Ek sal sê ongeveer 'n emmer vol, ongeveer 'n redelike groot emmer vol.

Nou, ek neem aan dit is toe ook versamel, die klippe wat gelê hierso binne in die Polisieagterplaas? --- Ja.

Onmiddellik voor die skietery plaasgevind het van die Polisie se kant, wat het daar by die groot hek plaasgevind? Wat was daar aan die gang? --- Edelagbare, die Bantoes het probeer om in te kom by die hek.

Wat het dit vir u gelyk dat hulle wou doen, toe hulle daar wou inkom? Wat was hulle houding en sgaan? --- Hulle was op daardie stadium kwaad gewees, en as hulle sou inkom sou hulle seker die Polisie aangerand het.

Ek neem aan u het geen wapens gedra daardie dag nie? --- Ek het niks gehad nie.

Hoe het u gevoel? Daar is hierdie skare en die Polisiestasie, met die Polisielede binnekant, en u as 'n blanke persoon daar binnekant sonder enige wapen? Hoe het u gevoel net voor die skietery plaasgevind het, en die mense wil daar inkom? --- Tot die tyd wat ek oor die draad geklim het was ek nie bang nie, en was ek ook nie bekommerd nie, maar nadat Kolonel Spengler beskuldigdes nrs. 3 en 4 ingeneem het, het die atmosfeer heeltemal verander. Die skare het baie kwaad geword.

So het u enige vrees gekoester? --- Ek was toe bekommerd Edelagbare, en ek het gedink dat die handjievol lede van die Suid-Afrikaanse Polisie nie genoeg is om die mense te beheer of in dwang te hou nie.

Wat was die afstand tussen die ry Polisie en die skare? --- Ek glo nie vier tree nie, nie verder as vier tree nie.

**DEUR DIE HOF:**

Is dit die afstand wat die ry gestaan het vanaf die

draad/....

draad? --- Ja.

VERHOOR VERVOLG:

En mnr. Labuschagne, ek neem aan dat terwyl u in die Polisiemag was het u ondervinding opgedoen met .303 gewere? --- Ja Edelagbare.

En hy word gelaai met 'n "clip" wat hoeveel patrone bevat? --- Vyf.

En hy werk met 'n sogenoemde "bolt action"? --- Dit is korrek.

In ander woorde, as een skoot met 'n .303 afgeskiet is, dan word dit opgetrek en dan weer agteruit getrek en dan weer ingestoot? --- En weer gelaai word, dit is reg Edelagbare.

DEUR DIE HOF:

In ander woorde, elke skoot moet apart gevuur word? --- Dit is korrek.

VERHOOR VERVOLG:

En ek verstaan u is self 'n jagter mnr. Labuschagne? --- Ja Edelagbare.

Nou, hoeveel skote kon u aftrek of vuur met 'n .303 in 'n minuut, of hoe lank sal dit u vat om daardie magasyn skote af te skiet? --- Die vyf skote sal ongeveer tussen 10 en 12 sekondes neem. Dit is wanneer ek gladnie korrel nie.

En hoe lank sou dit daardie massas geneem het om daardie afstand van vyf tree te gaan? ---Seker twee of drie sekondes. Hulle moes net die draad verder platdruk en dan was hulle reeds by die Polisie.

Die die Sten-geweer, hoeveel patrone is daar in 'n "clip", 'n magasyn van 'n Sten-geweer? --- Nee, ek het geen kennis van 'n "Sten-geweer nie.

En weet u dat die "Saracens" is toe bewapen met

masjiengewere/....

masjienggwere? --- Hulle was, maar ek het tussen die "Saracens" en die skare gestaan, en daar was nie met die "Saracens" gevuur nie.

Wat is die kaliber van die masjiengewere van die "Saracens"? --- Dit is nie dieselfde as die .303 nie.

Is hy groter? --- Ek dink hy is groter.

Nou, wanneer u sê dat geen skote is met die "Saracens" geskiet nie, bedoel u dat daar was geen skote van enige persoon by die "Saracens" geskiet nie? --- Nee, want ek het direk tussen die "Saracens" en die skare gestaan, en geen skoot het van agter gekom nie.

En het u enige outomatiese wapens gehoor afgaan daardie dag? --- Ja, daar was gevuur met die Sten-gewere. Hy skiet vinniger en jy kan dit dadelik hoor.

Nou, is u bereid om te sê hoe lank nadat u die eerste Polisieskote gehoorhet, hoe lank daarna u die outomatiese wapens van die Polisie gehoor afgaan het? --- Nee, dit is moeilik om te sê. Dit het so vinnig gebeur. Ek sal sê die hele skietery was oor binne 15 sekondes.

Nou, voor die skietery, wat was beskuldigdes nrs. 3 en 4 besig om te doen daar binnekant die draad sover dit die massas betref? - - Hulle het die mense opgesweep. Hulle het opgetree soos 'n dirigent voor 'n klomp studente.

En nadat Kolonel Spengler die twee verwyder het, het enige nuwe leiers na vore gekom? ---Nee.

En mnr. Labuschagne, aan watter kant het die meeste liggame gelê? --- In die straatjie tussen die kliniek en die Polisiestasie, reg voor die groot hek.

Reg voor die groot hek? --- Ja.

Nou, waar in verband met daardie groot hek het die twee lede van die Mag met die outomatiese wapens gestaan? --- Aan die linkerkant van die hek, d.i. aan die suidekant van die hek/....

hek.

**DEUR DIE HOF:**

Mnr. die Aanklaer, jy hou aan praat van lede van die Mag met outomatiese wapens. Jy moet assebliief in aanmerking neem dat ek is maar baie onkundig, ek weet nie wat 'n outomatiese wapen is nie. Bedoel u nou die Sten-gewere?

**DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:**

Ek bedoel die Sten-gewere Edelagbare.

**DEUR DIE HOF:**

Jy het nou probeer verduidelik dat die Polisie wat die Sten-gewere gehad het, het ten suide van die hek gestaan? ---Ja Edelagbare, hulle was ver van my af.

Jy weet nie of hulle aan die uiterste punt van die ry Polisiewwas nie? --- Nee Edelagbare, daar was nòg Polisie anderkant hulle.

**VERHOOR VERVOLG:**

Nou, het u opgelet na die skietery toe u teruggekom het van die munisipalekantore, wat die toestand was van die draadomheining? --- Die draad was stukkend, die pale was omgebuig, en die draad was ook op 'n paar plekke raakgeskiet.

Nou, die plekke waar die draad stukkend was, afgesien van die plekke waar dit raakgeskiet was, hoe was dit stukkend gemaak? --- Daar was een plek wat gelyk het of die draad gebreek was. Dit mag wees as gevolg van die drukking op die draad.

Omtrent hoeveel sulke stukkende plekke was daar in die draad? --- Ek het nie die hele draad omgeloop nie, maar ek het een plek gesien. Al die ysterpale was skeef gebuig na binne.

Ek wil u nou 'n foto toon, bewysstuk 14. Dit toon aan die heining aan die westekant van die Polisiestasie? ---

Ja/....

Ja, dit is korrek.

Nou, ek neem aan u was nie teenwoordig ten tye van die neem van hierdie besondere foto nie? --- Nee.

Maar u het nou getuienis gegee hoe die draadheining gelyk het nadat die skare weggehardloop het? --- Ja.

Nou, onmiddellik na die skietery hoe vergelyk die posisie van die draadheining nou op die kiekie, bewysstuk 14, met die posisie soos u dit gesien het na die skietery? --- Die pale was meer oorgebuig in die rigting van die Polisiestasie.

Het u opgelet of enige lede van die Polisie kopwonde opgedoen het? of oop wonde aan hulle gehad het? --- Nee, daar was Polisie wat beseer was, maar ek het my aandag aan die Bantoes gegee en ek weet nie wat se beserings die Polisie opgedoen het nie.

Die lede van die Polisiemag wie daar teenwoordig was, was hulle ou Polisielede of nie? --- Nee, die groep wat ingeval het, die meeste was jong manne, maar die offisiere was meestal bejaardes.

En voor die skietery, kon u sien wat die houding was van die Polisie, die lede van die Polisie? --- Dit het gelyk asof hulle baie bekommerd is, want hulle het kort-kort die gewere vervat; dit het gelyk soos iemand wat bekommerd is.

En hoe het die lede van die Polisie hulself gedra teenoor die massas wat hulle daar omsingel het? --- Die ry het doodstil gestaan, en niks gesê nie.

Ken u Kaptein Theron? --- Ek het Kaptein Theron eers daar ontmoet.

Waar was hy gewees? --- Hy was aan die ver punt aan die suidekant dink ek.

En het u ooit nr. 3 of nr. 4 beskuldigdes daarna gesien, nadat hulle toe ingeneem is? --- Ek het albei nrs. 3 en 4 gesien die aand na die skietery by die Polisiestasie.

Hulle/....

Hulle was toe in hegtenis daar by die Polisiestasie, onder bewaring? --- Daar was Polisie wat hulle gespreek het.

Daar isnet een punt waarop ek nie heeltemal seker nie. Waar was Kolonel Spengler gewees toe die eerste Polisie-skote begin afgaan het? ---- Hy was net agter die ry Polisiemanne.

Net agter die ry? --- Net agter; hy was op pad terug van diehhkk in die rigting van die Polisiestasie.

Nou, het u enige lid van die Polisie net voor die skietery sien val daardie dag, in die omgewing van die hek? --- Nee, ek kan nie onthou nie. Of Kolonel Spengler gestruikel het of nie weet ek nie, maar hy het die Bantoe getrek en die Bantoes het hom teruggetrek, en hulle het oor en weer beweeg.

**DEUR DIE HOF:**

Daar was 'n heen-en-weer trekkery? --- Ja.

**VERHOOR VERVOLG:**

En wanneer het die massas begin weghardloop, in vergelyking met die eerste skote wat gevuur is? ---Onmiddellik toe die eerste skote gevuur word wou die voorste mense emspring, maar hulle was gekeer deur die ander en hulle het oormekaar geval.

Nou, die Polisie wie gevuur het met die gewere, hoe het hulle gevuur? Normaalweg, as hulle korrel neem, of van die heup met hulle .303 gewere? --- Edelagbare, nee, die twee wat ek gekeer het het gekorrel.

Het u opgelet hoe die ander gestaan het met hulle gewere? --- Nee, ek kan nie sê nie. Dit het te gou gebeur.

Nou, normaalweg as 'n man korrel of oor 'n geweer kyk, kyk hy met altwee oë deur die visier? --- Nee, jy skiet met een oog en jy knyp die een oog toe.

Natuurlik ek neem aan jou aandag word totl'n sekere punt beperk as jy dit doen? --- Ja.

Het/....

Het u enige fluitjies gehoor blaas voor of na u die twee Polisielede aan die skouer gegryp het? --- Iemand het 'n fluitjie geblaas aan die suidekant vanwaar ek gestaan het.

Het dit van binne die Polisiestasie gekom of van buitekant? --- Aan die binnekant.

DEUR DIE HOF:

Op watter stadium is daardie fluitjie geblaas? --- Dit was terwyl daar gevuur was. Edelagbare, ek kan net meld dat op die middag van die 22ste, d.i. in die namiddag van die 22ste Maart, het ek die lokasie gepatrolleer en gevind dat daar baie huise beskadig was. Daar was honderde vensterruite wat stukkend was. Daar was ook deure wat beskadig was.

VERHOOR VERVOLG:

En wat van die bierdepots en so-aan? --- Op die 23ste in die voormiddag het ek gevind dat twee bierdepots van die erf en diensskema ook die vensterruite stukkend was.

Is dit die twee bierdepots wat u gister vir die Hof gewys het? --- Dit is korrek.

En was daar enige ander skade behalwe dit by enige van die bierdepots? --- Nee.

Was daar enige merke aan die deure van die bierdepots? --- Daar was pogings aangewend om een deur te brand, maar dit is 'n staaldeur en die vuur het nie gebrand nie.

Maar wat se merke was daar toe wel aan die deur? Ek neem aan die deur is geverf? --- Ja.

Was daar enige merke aan die verf? --- Die verf was afgebrand en die deur was swart gerook.

So die verf het toe aan die brand geslaan? --- Ja.

En beskuldigde nr. 8, het u hom ooit daarna gesien? --- 'n Paar dae daarna - ek kan ongelukkig nie die datum onthou nie - het ons die paaie gepatrolleer vanaf die lokasie

na/....

na die dorp, en met 'n voetpad vanaf Sharpeville na Brick and Tile fabriek het ek gesien dat die fietsryers wat werktoe gaan almal omdraai en weer terugkom na die lokasie toe. Ek het in die rigting van die Brick and Tile fabriek gery, en ek het gesien dat beskuldigde nr. 8 in die paadjie langs die dam staan.

Nou, is die dam waarvan u praat getoon op bewysstuk 2, aan die noord-oostelike hoek waar die pyltjie „Biersaal" wys? ---Ja, dit is korrek.

Nou, u het gesien nr. 8 staan daar? --- Dit het gelyk of die fietsryers op pad is werktoe, en net wanneer hulle by hom kom het hulle stilgehou, omgedraai en teruggekom. Ek het soontoe gery.....

DEUR DIE HOF:

Na hom toe? --- Na hom toe. Hy het op 'n trapfiets gespring en wou wegjaag. Twee blanke Inspekteurs was saam met my. Ons het hom gevolg en ingehaal. Toe ons uitklim wou hy baklei.

VERHOOR VERVOLG:

Was hy toe deursoek? --- Nee, ek het hom nie deursoek nie.

Het u hom toe geneem en hom aan die Suid-Afrikaanse Polisie oorhandig? ---Ons het hom teruggeneem na die Polisie-stasie en hom aan die Suid-Afrikaanse Pclisie oorhandig.

Was dit Sersant Wessels? --- Ja, ek dink dit was Sersant Wessels; daar was 'n paar lede teenwoordig.

Omtrent hoeveel dae na die dag van die skietery het die voorval plaasgevind? ---Ongeveer drie of vier dae.

Nou, net onmiddellik voor die skietery, was is u skatting van die Bantoes wat daar die Polisiestasie omsingel het? --- Ek het geskat tussen 15,000 en 18,000.

En op die meeste hoeveel Polisielede was daar binne

in/....

in die Polisiestasie? --- Edelagbare, dit is moeilik....

Net 'n skatting? --- Ek sal skat ongeveer 70.

DEUR DIE HOF:

Was daar Bantoes aan alvier kante van die Polisiestasie? ---Ja Edelagbare.

VERHOOR VERVOLG:

Hoekom het die humeur - ons sal dit so stel - die humeur van die Bantoes verswak en oorgegaan na woede? --- Dit is moeilik om te sê, maar soos ek vir u gesê het, dat eers het dit nie gelyk of hulle ernstig is nie, maar net toe Kolonel Spengler beskuldigde nr. 3 inneem het hulle begin skree en die Bantoevrouens het ook hulle oorlogskreet aangehef, en 'n mens kon dadelik sien dat die skare nou kwaad is.

En wat is die oorlogskreet? Kan u dit beskrywe? --- Dit is 'n geluid wat die Bantoevrouens maak. Hulle maak „Hoe - hoe - hoe!"

So 'n aanhoudende geluid? --- Ja.

Kan u miskien die tyd probeer vasstel wanneer die spuitvliegtuie en die Harvards oorgekom het? --- Dit was ongeveer half-twee, in die omgewing, en ek dink die skietery was ongeveer ~~twintig~~ minute voor twee. Ek is jammer, dan was die vliegtuie 'n bietjie vroeër, want ek het nog omgeloop, so die vliegtuie was dan seker in die omgewing van eenuur.

CROSS-EXAMINED BY MR. UNTERHALTER:

Mr. Labuschagne, I assume that in your thirteen years of service .....

BY THE COURT:

Mr. Unterhalter, you are entitled to put your questions in English if you wish to, and the witness is entitled to reply in Afrikaans, and the Crown must provide an Interpreter, so we will adjourn and arrangements can be made to have an

Interpreter/....

Interpreter available.

COURT ADJOURNS.

COURT RESUMES:

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Edelagbare, ek wil net meld daar is nie 'n blanke tolk beskikbaar vir Vereeniging nie, maar ek het wel reëlings getref dat ons môre 'n blanke tolk sal saambring vanaf Johannesburg.

DEUR DIE HOF:

Dan kan ons voortgaan met die onverdedigde beskuldigdes, en hulle kan nou hulle kruisvrae stel.

MACHIEL ANDRIES LABUSCHAGNE, onder sy vorige eed, vervolg:

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 1:

Het u by die Hof gekom om getuienis af te lê van wat u gehoor het of van wat u self gesien het, of van wat gebeur het? ---Van wat gebeur het in Sharpeville naturelledorp en wat ek gesien het.

Wat u self gesien het of wat u gehoor het? --- Ek het reeds gesê wat ek gesien het.

Kan u net vir my sê wat is u pligte? --- My pligte?

Ja? --- As Lokasiesuperintendent het ek baie pligte.

As Lokasiesuperintendent het u 'n goeie opvoeding gekry in die skool of nie? --- Ek het nie spesiale opvoeding as 'n Superintendent gekry nie.

Kan u sê hoe laat was dit toe u beskuldigde More, d.i. beskuldigde nr. 4 dink ek, en die andere daar gekry het in die huis waar u gesê het u hulle gekry het? --- Hoe laat in die dag? Watter tyd van die dag?

Dit was in die aand, maar ek wil weet watter tyd was dit gewees? --- Dit was op 'n Sondag, maar ek kan nie die

tyd/....

tyd onthou nie.

Was ek ook daar teenwoordig? Het u my gesien? --- Ek het nie so gesê nie.

**DEUR DIE HOF:**

Jy kan sê hy was nie daar nie, of kan jy nie? --- Ek kan nie sê nie, maar ek kan nie sê dat hy wel daar was nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 1 VERVOLG:**

Met ander woorde, ek was nie daar gewees nie, as jy nie kan sê dat ek wel daar gewees het nie? --- Dit mag wees, maar ek het hom nie gesien nie.

**DEUR DIE HOF:**

Mnr. Labuschagne, het u hom destyds geken? --- Nee Edelagbare.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 1 VERVOLG:**

Het u dit appresieer toe u die persone daar in die huis in die vertrek gekry het, en die persone daar 'n vergadering gehou het soos hulle vir u vertel het? --- Ek weet nie wat hy bedoel met appresieer nie Edelagbare.

Wat ek eintlik wil weet is het die persone 'n oortreding gepleeg soos hulle daar gesit het, of was dit goed wat hulle daar in die vertrek gedoen het? --- Ek het nie gesê dat hulle 'n oortreding gepleeg het nie, en ek kan dit nie goedkeur of afkeur nie.

In die woorde wat beskuldigde nr. 3 vertel het, die persone van wie hy melding gemaak het toe hy daar by u gekom het, het beskuldigde nr. 3 en andere my naam genoem? --- Nee Edelagbare.

Is daar een van u werkers wat 'n lid van die P.A.C. is of nie? --- Van watter werkers?

Die munisipale polisie of die werkers in u kantoor? --- Ek weet nie; daar mag wees.

In u hoofgetuienis het u alreeds vir die Hof gesê dat......

dat u het kennis van Noord-Suthu, meer as Suid-Suthu, maar u het ook gesê in u hoofgetuienis dat die persentasie van die inwoners van die lokasie, die meeste van hulle is Suid-Suthu? --- Dit is so.

Hoe kom dit dan dat u Noord-Suthu ken, as die meeste van die inwoners daar Suid-Suthu is? --- Ek het nie my aanstelling gemaak het. Ek hou 'n aanstelling van die Minister van Bantoesake.

U het alreeds gesê dat daar 'n gemeenskapssaal is in die lokasie. Word mense toegelaat om politieke vergaderings daar te hou in die saal? --- Nee, daar was nog nie iemand toegelaat om politieke vergaderings daar te hou nie.

Kan u die redes verstrek waarom nie? --- Dit is vir die Stadsraad om te besluit, ek maak nie die toekennings nie.

U is nou die nie-blanke Superintendent daar in die lokasie. Wat is u houding, of ek sal dit so stel. Sal u dit goedkeur as die persone of die inwoners van die lokasie daar hulle met politiek inmeng? --- Edelagbare, as Lokasiesuperintendent is dit my plig om vrede en orde te bewaar, en ek het nog nooit 'n politieke vergadering gesien waar daar nie oproerigheid is nie, en daarom sal ek die aansoek vir so 'n vergadering nie aanbeveel nie, maar volgens die Regulasies lê die beslissing by die Suid-Afrikaanse Polisie en die Stadsraad.

Na watter vergaderings verwys u as u sê dat daar was oproerigheid in die vergaderings? --- Ek praat van enige politieke vergadering.

Gaan u na politieke vergaderings? --- Ek hoor dikwels en sien in die koerante wat daar aangaan.

U het ook in u hoofgetuienis gesê dat u het naturelle vroumense teëgekom, en 'n groep van hulle, kan u

sê/....

sê wat hulle name is? Het u hulle name neergeskryf of nie? --- Nee Edelagbare. Kaptein Cawood was in bevel van die afdeling, en hy het hulle gespreek.

U bedoel dan dat die name van die persone nie beskikbaar is nie? --- Ek het geen name afgeskryf nie.

U het ook in u hoofgetuienis gesê dat daar in Seeisostraat was daar naturelle manspersone wat kieries gedra het, en dat 'n gedeelte van die groep van u daar gesien het nie kieries gedra het nie? Die persone wat in Ghabasoanestraat gewees het, die manspersone, het kieries gedra, en die wat in Seeisostraat gewees het nie kieries gedra het nie. U het vir die Hof vertel dat u het na die mense wat kieries gedra het gehardloop, en waarom was u toe nie bang vir hulle nie? --- Ek het nie na hulle gehardloop nie, en ek het ook nie so gesê nie.

U het later daar verbygeloop, is dit nie so nie? --- Ek het nie geloop nie.

U het daar verbygery in 'n voertuig? --- Saam met die Polisie is ons wel by hulle verby in Ghabasoanestraat.

In die kar waarin u gewees het, was dit u en die Konstabel wie se naam u genoem het? --- Dit hang af wanneer. Ek is die nag met my eie voertuig na die Polisiestasie toe, en later is ons weer na Ghabasoanestraat saam met Kaptein Cawood. Ek is die nag alleen met my eie voertuig na die Polisiestasie.

Ek verwys na die stadium toe u die twee groepe daar teëgekom het? --- Was ek saam met die Polisie?

Ek verwys na die Sondagaand, toe u die ander groep daar in Ghabasoenastraat teëgekom het? --- Toe was ek alleen in my eie voertuig.

Ek wil van u weet hoe u daar verbygery het as hierdie persone kieries gedra het? --- Ek het met by hulle

verbygery/....

verbygery.

Was u nie toe bang gewees nie? --- Nee.

Die persone se houding was die van persone wat wou baklei het en die persone het ook kieries gedra, maar nogtans het hulle nie vir u gedreig of geslaan nie? --- Ek het in my getuienis gesê dat hulle in my rigting beweeg het, en ek by hulle verbygery het na die Polisiestasie.

Nou wil ek verwys na die groep wat u in u hoofgetuienis gesê het wat voor die hostel gewees het, en daar was kinders en vroumense ingesluit. Het hulle kieries gedra of nie? --- Die vrouens en kinders het nie kieries gehad nie. Die groep Bantoemans wie agter hom gestaan het het ook nie kieries gehad nie - ek het so gesê in my getuienis. Miskien kan ek dit duidelik stel. Dit was twee groepe, sy groep en die groot groep in die straat.

En wat het my groep toe gedra? --- Sy groep het op daardie oomblik niks gehad nie, maar nadat die Polisie traangas gegooi het het sy groep met klippe na die Polisie gegooi.

Het u in u hoofgetuienis gesê dat die groep wat daar gewees het die klippe daar bymekaar gemaak het? --- Ek het gesê die Bantoekinders in die straat, nie sy groep nie.

Kan u sê hoe groot was die kinders wat die klippe bymekaar gemaak het? --- Ek het reeds gesêtussen die ouderdomme 12 tot 16, 18 jaar.

So daar was die twee groepe daar, en die kinders wat die klippe bymekaar gemaak het. Het die kinders die klippe bymekaar gemaak vir die groep wat daar in die straat gewees het of vir my groep, en was die klippe net vir die kinders? --- Ek het reeds gesê dat hy met sy groep was voor die hostelhek, en die ander groep was in die straat, en die Bantoekinders wat in die straat was het hopies klippe in die straat bymekaar gebring.

Dit/....

Dit bedoel dan daar was drie groepe daar? Dit was my groep en die groep in die straat en die groep van die kinders, is dit reg? --- Die kinders en die groep in die straat vorm een groep Edelagbare.

Is u dan seker dat ek op 'n klip gestaan het? --- Ja, 'n groot klip voor die hek. Hy het naderhand afgeklim en in die rigting van die ander groep beweeg in die straat, en sy groep het by hulle aangesluit; hy was gearresteer.

Is u seker dat ek die eerste persoon is wat op daardie stadium daar arresteer was? --- Dit is al een wat ek gesien het.

U het alreeds in u hoofgetuienis gesê dat die tydstip toe ek arrestêer was deur die ander lede van die Polisiemag, was u 'n kort afstand van my af, of vanwaar ek arresteer was, en u het ook gesê dat op my baadjie se lapel hêt daar 'n blou kaartjie gehang. Hoe het u dan die woorde wat u alreeds vir Sy Edelagbare gesê het, gesien vanaf daardie distansie? --- Edelagbare, nadat beskuldigde nr. 1 in die voertuig gesit was het ek met Sersant Wessels gepraat langs die voertuig, en ek het hom gesien sit in die voertuig. Daar was nog 'n ander Bantoeman saam met hom in die voertuig.

U het ook gesê dat gedurende die stadium toe die skare daar weghardloop vanaf die toneel waar hulle gestaan het, was 'n lid van die Polisiemag beseer toe sy pet op die grond geval het, Was hy toe die enigste konstabel was op daardie tydstip beseer was, of was daar nog ander lede van die Polisiemag wat beseer was? --- Die blanke konstabel was nie daar voor die hostels beseer nie. Hy was op die hoek van Seeisostraat en Mohanoestraat beseer; dit is ver van die hostels.

**DEUR DIE HOF:**

En op daardie stadium het jy gesien of ander

Polisie/....

Dit bedoel dan daar was drie groepe daar? Dit was my groep en die groep in die straat en die groep van die kinders, is dit reg? --- Die kinders en die groep in die straat vorm een groep Edelagbare.

Is u dan seker dat ek op 'n klip gestaan het? --- Ja, 'n groot klip voor die hek. Hy het naderhand afgeklim en in die rigting van die ander groep beweeg in die straat, en sy groep het by hulle aangesluit; hy was gearresteer.

Is u seker dat ek die eerste persoon is wat op daardie stadium daar arresteer was? --- Dit is al een wat ek gesien het.

U het alreeds in u hoofgetuienis gesê dat die tydstip toe ek arrestêer was deur die ander lede van die Polisiemag, was u 'n kort afstand van my af, of vanwaar ek arresteer was, en u het ook gesê dat op my baadjie se lapel hêt daar 'n blou kaartjie gehang. Hoe het u dan die woorde wat u alreeds vir Sy Edelagbare gesê het, gesien vanaf daardie distansie? --- Edelagbare, nadat beskuldigde nr. 1 in die voertuig gesit was het ek met Sersant Wessêls gepraat langs die voertuig, en ek het hom gesien sit in die voertuig. Daar was nog 'n ander Bantoeman saam met hom in die voertuig.

U het ook gesê dat gedurende die stadium toe die skare daar weghardloop vanaf die toneel waar hulle gestaan het, was 'n lid van die Polisiemag beseer toe sy pet op die grond geval het. Was hy toe die enigste konstabel was op daardie tydstip beseer was, of was daar nog ander lede van die Polisiemag wat beseer was? --- Die blanke konstabel was nie daar voor die hostels beseer nie. Hy was op die hoek van Seeisostraat en Mohanoestraat beseer; dit is ver van die hostels.

**DEUR DIE HOF:**

En op daardie stadium het jy gesien of ander

Polisie/....

Polisie ook beseer was? --- Nee Edelagbare, ek het niemand gesien wat daar beseer is nie.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. L VERVOLG:

Kan u miskien skat die grootte van die skare wat daar gewees het, d.i. op die hoek van Seeisostraat wat u netnou van melding gemaak het, en Mohanoelaan? --- Edelagbare, op daardie oomblik was daar nie vreeslik baie in die straat nie. Hulle het uitmekaar gehardloop in alle rigtings.

Die tydstip toe u die skole genader het, kan u miskien skat hoe groot die skare daar was? --- Edelagbare, ek het reeds gesê toe ons amper by die skole kom was ons gekeer van voor, van agter en van beide kante, en ek skat ongeveer tussen 3,000 na 5,000 Bantoes.

Was dit die skare wat baklei het? ---Dit het gelyk of hulle wou baklei.

U het alreeds gesê dat u het met die mense gepraat? --- Ek het.

U het probeer om die skare waarvan u netnou melding gemaak het, te stop om nie te baklei nie? --- Ek het my plig gedoen en met hulle gepraat; ek was nie bang nie, hulle het niks teen my gehad nie.

Ek bedoel dat al die mense wat daar wou baklei het het na u geluister toe u gepraat het met hulle? --- Ek het in my getuienis gesê dat die klompie aan die linkerkant met wie ek gepraat het omgedraai het. Majoor van Zyl het met die aan die regterkant gepraat, en toe hulle Majoor van Zyl uitjou het die groep van my weer omgedraai.

Kan u miskien die name net vir die Hof gee van die mense wat u gevra het om u te help om met die skare te praat? --- Ek het op 'n hele paar geroep daar. O.a. was daar 'n lid van die Adviesraad, Petrus Mothlanyane. Daar was een huurmotorbestuurder, Abraham Kule, en daar was sovele ander.

Op/....

Op die stadium toe die "Saracens" daar in die lokasie gekom het, waar was u toe geweeš? --- Ek was in die middel van die straat by die plek naby die skole, by die Polisie.

As die owerheid van die lokasie daar, het die "Saracens" met u toestemming daar ingegaan of sonder die toestemming? --- Edelagbare, wat die vrede en die orde aanbetref oor die Suid-Afrikaanse Polisie het ek geen sê nie. Die Polisie het nie nodig om vir my te vra omeenige Polisieman in die lokasie in te bring nie.

**DEUR DIE HOF:**

Jy sal sê om enige Polisieman of "Saracen" nie? --- Of "Saracen" nie, en hulle het my ook nie gevra nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 1 VERVOLG:**

Dit verbaas my dat die ander skare wat daar in Seeisostraat gestaan het nie kieries gehad het nie, en die wat in Ghabasoanestraat gestaan het wel kieries gehad het, en dat die mense so kan staan en nie met mekaar meng nie, die wat kieries het en die wat nie kieries het nie? Was daar dan 'n afspraak dat hulle sou so gestaan het? --- Ek weet nie. Ek het nie die moeilikheid daardie nag gereël nie.

U het vir die Hof gesê in u hoofgetuienis dat die inwoners van die lokasie op 'n goeie voet is met u, d.i. voor die voorval van Maartmaand? Is u seker daarvan? --- Ons samewerking was baie goed, totdat die P.A.C. hulle beweging in Sharpeville begin het.

As die persone dan so goed met u saamgewerk het, waarom sal u dan elke dag agter hulle hardloop en hulle arresteer? --- Ek hardloop nie agter hulle nie, en ek arresteer hulle ook nie.

Geen verdere vrae nie.

Kruisverhoor/....

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3:

Watter standerd het u in die skool bereik? --- Standerd agt Edelagbare.

Gister het u reeds vir die Hof gesê dat u is die Superintendent van die Sharpeville Lokasie, is dit so? --- Ja.

Ek wil nou van u weet wie het u gekies om die Superintendent daar te wees? Was dit die inwoners van Sharpeville lokasie, of hoe het dit dan gekom? --- Die pos was adverteer. Daar was gevra vir aansoeke, en die Stadsraad het die aanstelling gemaak.

In anderwoorde, u was nie deur die inwoners van Sharpeville gekies nie, soos u nou voor Sy Edelagbare staan en getuienis aflê? --- Nêrens, sover as ek weet, word die Lokasiesuperintendent deur die inwoners van 'n lokasie aangestel nie. Daar word ook nie voorsiening in die Wet daarvoor gemaak nie.

Ek bedoel dan wat ons in Engels noem "democracy" werk nie in daardie lokasie nie?

DEUR DIE HOF:

Daardie vraag verval. Dit is nie 'n vraag vir hierdie getuie om te beantwoord nie. Jy kan dit aan my stel as jy wil.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:

U het alreeds gister vir die Hof vertel dat die inwoners van die Sharpeville lokasie hulself dra? --- Ek weet nie wat hy bedoel met dra nie Edelagbare.

DEUR DIE HOF:

Hulself gedra, hulself goed gedra? --- Ja, en besonder goed. Ek sal sê dat 95% van Sharpeville naturelledorp se inwoners is vredeliewende persone.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:

Maar as u nou vir die Hof sê dat 95% van die

inwoners/....

inwoners hulself goed gedra, dan bedoel dit dan dat 5% nie hulself goed gedra het nie, en hoe kom dit dan dat daar so 'n opreer in die lokasie kon gewees het? --- Daar was miskien baie nuuskieriges of ander miskien geïntimideer. Ek weet nie.

Dit bedoel dat u weet nie hoe het dit gekom dat daar moeilikheid was daar in die lokasie nie? ---Ek het dit nie verwag nie, en ek glo niemand daar teenwoordig op die Maandag het gedink dat daar ooit geskiet sou word nie.

By die vorige voorvalle soos byvoorbeeld wanneer mense agterstallig is met hulle huurgeld, is dit nie juis dat u ry rond in die lokasie met 'n wa en met 'n luidsprekery en u sê dat vir die mense hulle moet kom betaal nie? Waarom het u nie dieselfde prosedure gevolg op die dag nie, sodat die mense u kon gehoorsaam het nie? --- Die dag met die opstokery was die Polisie in bevel, en ek kon nie daar met 'n uitsaai "van" gaan rondry nie.

U het vanoggend vir die Hof gesê dat u het 'n fout begaan toe u gesê het u het vir beskuldigde nr. 8 daar by die huis aangetref? Vanmôre het u gesê u het beskuldigde nr. 39 bedoel? --- Dit is korrek.

Was dit die enigste fout wat u begaan het, of is dit u gewoonte om foute te begaan? --- Nee, dit is nie my gewoonte nie, en daarom het ek dit sougou reggestel.

U het ook vir die Hof vertel dat die onderwysers, asook die winkeliers, daar by u gekom het en klagtes ingedien het, dat die P.A.K.-organisasie gee moeilikheid, is dit so? --- Ek het.

Maar is dit nie die prosedure dat as daar fout is in die lokasie, dan word dit na u gebring deur die Advies-raad? Het u toe die klagtes aangeneem wat na u gebring is deur die groep van die onderwysers en die winkeliers? --- Edelagbare, ek kry elke dag klagtes, en dit is nie noodwendig

dat/....

dat elke persoon eers na die Adviserende Raad moet gaan nie. Daar word klagtes ingedien oor die waterkrane, oor die strate, oor die vuilgoed.... daar kom elke dag klagtes in.

Dit meen dat ons moet niks te doen hê nie met die Adviesraad, en al ons klagtes moet ons na u dan bring? --- Nie noodwendig nie.

U het in u hoofgetuienis gesê dat beskuldigde nr. 4 aansoek gedoen het of gerig het na die Stadsraad, en na die aansoek geweier is het die P.A.C. dan die vergadering daar gehou sonder daardie toestemming? --- Ek het gesê dat daar 'n aansoek was deur beskuldigde nr. 4, maar dat die aansoek deur die Stadsraad geweier was.

Ja, ek verstaan dit, maar daarna het beskuldigde nr. 4 die vergadering daar gehou, sonder die toestemming, of het hullê die toestand aangeneem soos dit aan hulle gesê is deur die Stadsraad? --- Ek weet nie van watter vergadering hy nou praat nie.

Die posisie is dat beskuldigde nr. 4 het aansoek gedoen by die Stadsraad om 'n vergadering daar te hou, en daardie aansoek van hom is geweier. Nou wil ek weet van u, nadat die aansoek geweier is deur die Stadsraad, het beskuldigde nr. 4 en die P.A.C. die vergadering nogtans daar gehou of nie? --- Waar gehou het Edelagbare?

Daar in Sharpeville? --- Ek weet nie.

As hulle die vergadering daar gehou het, sou u kennis gedra het daarvan? --- Miskien, miskien nie. Hulle het hom nie by die saal gehou nie.

U het ook gesê dat u saam met Majoor van Zyl opgegaan het na waar julle beskuldigde nr. 4 gekry het, en 'n skare mense daar? --- Ek het dit nie gesê nie.

Het u nie na die voetbalgrond gegaan op die 20ste nie, d.i. saam met Majoor van Zyl nie, en beskuldigde nr. 4

daar/....

daar aangetref waar hy 'n vergadering gehou het nie? --- Edelagbare, ek het Majoor van Zyl se naam nog nooit saam met beskuldigde nr. 4 se naam genoem nie.

DEUR DIE HOF:

Miskien het die beskuldigde dit nie reg verstaan nie. --- Dit mag Kaptein Cawood wees ja.

Dit mag Kaptein Cawood wees.

DEUR BESKULDIGDE NR. 3:

Dit is moontlik ja.

DEUR DIE HOF:

Die beskuldigde praat van mense wat julle teëgekom het daar op die oopgrond? ---Ja, dit is korrek, maar ek was vergesel deur Kaptein Cawood; Majoor van Zyl was gladnie daar nie.

DEUR DIE HOF : AAN BESKULDIGDE NR. 3:

Nou goed. Is dit die byeenkoms wat jy van praat nr. 3?

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:

Was u toe nie saam met Kaptein Cawood daar na die oop stuk grond waar julle beskuldigde nr. 4 aangetref het, asook die 500 mense nie? ---Ja, dit is reg. Ek was saam met Kaptein Cawood.

Soos u reeds gesê het het die persone wat julle daar gekry het kieries gehad? --- Ja.

Die Polisie wat die skare aangeval het het sulke kort knopkieries gehad soos U die lengte daarvan geskat het? --- Soos die kierie voor die Hof, bewysstuk nr. 7.

Is dit die Polisie wat hierdie kieries gehad het? --- Soortgelykes.

Was hullennet so lank soos hierdie een? --- Omtrent net so lank ja.

En/....

En hierdie een, behoort dit aan die skare of aan die Polisie? ---Hierdie besondere een kan ek nie sê nie.

Daar is net een ding wat ek nie kan verstaan nie. Wil u dan sê dat die 500 mense wat daar gewees het net weggehardloop toe die Polisie hulle aangeval het met die kieries wat hulle gedra het, d.i. as daardie persone wou geveg het? --- Hulle het weggehardloop.

Dit is daarom wat ek sê dat dit my verbaas. U het ook gesê dat u het teëgekom mense wat gesing het „Afrika! Afrika!" Was daardie mense kwaad of nie, of wat was hulle houding? --- Vroeër in die aand het ek gesê was hulle nie kwaad nie. Ek het eers gesien dat hulle werklik kwaad word by die Polisiestasie.

Daar by die Polisie het hulle dan gewys dat hulle werklik kwaad was? --- Dit het so gelyk ja.

Kan jy miskien vir die Hof demonstreer hoe het die mense dan gewys dat hulle kwaad was daar by die Polisiestasie? --- Edelagbare, daar is 'n groot verskil in 'n mens se houding wanneer iemand kwaad is en wanneer hy nie kwaad is nie. Jou optrede en handelswyse wys dit.

Ek wil hê u moet nou na my kyk en vir die Hof sê soos ek nou hier staan of ek kwaad is en of ek bly is? --- Nee, hy lyk nie kwaad nie Edelagbare!

U het vir die Hof gesê dat die persone het 'n teken gemaak, toe hulle die teken van agter gegee het. Sal u nou sê hoe was die teken gemaak tussen die drie tekens wat ek nou gemaak het? --- Ek het reeds gewys Edelagbare.

**DEUR DIE HOF:**

Wys net weer? --- (Getuie demonstreer vir die Hof).

Dit lyk vir my soos mense wat langs die pad staan en wat vra of hulle nie kan saamry nie? --- Ja, hulle het nie so gewys nie Edelagbare, maar so. (Getuie demonstreer).

Kruisverhoor/....

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:**

Dit meen dan dat net lede of die mense van die P.A.C. so maak soos u nou gewys het? --- Ek weet nie of dit net die lede van die P.A.C. is nie.

U het gesê dat op die aand van die 20ste, toe u daar geloop het of gery het, het u pamflette daar opgetel, Was u toe in 'n voertuig gewees of was u te voet gewees toe u die pamflette daar gekry het? --- Ons het met die voertuig gery, stilgehou, en ek het gaan kyk wat lê in die straat, en ek dink ek het drie pamflette in die straat opgetel.

Dit verbaas my, want ek verstaan dit nie. Bedoel u dat u het sommer daar stilgehou en gaan kyk na die stukke papier wat daar op die grond gelê het? Ek bedoel u het gedink of u het dit in u gedagtes gehad dat daar moes iets gebeur het met die stukke papier wat daar op die grond gelê het? ---Ja, ek het vroeer in die aand gehoor dat daar wel pamflette in die lokasie uitgedeel is, en toe ek inry het ek die pamflette voor my gesien lê. Ek het stilgehou en hulle opgetel.

Het u die pamflet toe gelees? --- Ja.

Ek dink u sal onthou dat op die pamflet wat u daaroppgetel het, was geskrywe "Non-violence"? --- Ja, ek dink so.

U is nou die hoof van ons lokasie daar in Sharpeville. U het nou ingestem dat die "Saracens" daar in die lokasie inkom, en ek stel dit aan u dat u sou vir Kolonel Pienaar gesê het „Ek het alreeds die pamflette van die persoon gesien. Daar is geskrywe "Non-violence"." Sou u hulle dan nie daar ingelaat het nie? --- Edelagbare, soos ek reeds vir die vorige beskuldigde gesê het, dat ek is nie in bevel van die Suid-Afrikaanse Polisie nie, en ek kan hulle nie toestemming weier of toestemming gee om die lokasie binne te

gaan/....

gaan nie.

U het reeds vir die Hof gesê dat toe beskuldigde nr. 8 ontmoet het, beskuldigde nr. 8 die baadjie, bewysstuk 9, gedra het of aangehad het? --- Dit is korrek. Ek het hom verskeie kere met die baadjie gesien, en die dag toe ons hom na die Polisiestasie gebring het het hy ook die baadjie aangehad.

**DEUR DIE HOF:**

Hy het dit ook gedra die dag van sy arrestasie? --- Dit is korrek.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:**

Dit laat my wonder waarom die baadjie van beskuldigde nr. 8, d.w.s. bewysstuk 9, beslag op gelê was, en die tyd toe ek gearresteer was het ek hierdie baadjie by my gehad en dit was nie van my geneem nie. Kan u sê onder watter omstandighede was daardie baadjie by hom geneem? --- Ek het nie beslag gelê op die baadjie nie.

Ek het u gehoor sê dat u het niks te doen gehad met die werk van die Suid-Afrikaanse Polisie nie, maar u het nog in dieselfde asem gesê dat u het die mense daar gestop en vir hulle gesê hulle moet so en so maak. As dit nie u plig was nie waarom het u dan met die mense "interfere" of gepeuter? --- Ek het saamgegaan uit belangstelling, want as daar iets gebeur in die lokasie.... en ek was die oggend deur Kaptein Cawood gevra om die Polisie te vergesel, omrede Kaptein Cawood die lokasie nie goed ken nie.

Op die tydstip toe jy saam met Kaptein Cawood geloop het, het hy 'n vuurwapen gehad? --- Kaptein Cawood? Ek kan nie onthou nie Edelagbare. Miskien 'n rewolwer, maar hy het nie 'n geweer gehad nie.

Dit meen dan dat die dag toe jy gehoor het dat daar moeilikheid is in Sharpeville, en die tydstip toe jy gevra was

daar/....

deur Kaptein Cawood om hom te vergesel in die lokasie, het u nie sommer daar gegaan, d.i. sonder iets in u hande nie? U het iets geneem? --- Ek het niks gehad nie.

Ek bedoel dat u is 'n persoon wat nie bang is nie? As daardie mense se houding so sleg was, dan het u nogtans na hulle gegaan sonder om iets te hê? --- Ek het reeds gesê dat ek was nie bang voor die keer daar by die Polisiestasie nie, en ek het niks by my gehad nie. Ek het niks teen die mense gehad nie, en hullehet niks teen my gehad nie; daarom was ek nie bang nie.

Sal u verbaas wees as die Polisie sê dat hulle nie bevrees was nie? --- Dit mag wees, ek weet nie.

U het alreeds vir die Hof gesê in u hoofgetuienis dat die tydstip toe Kolonel Spengler Tsolo daar arresteer het, d.w.s. ek, beskuldigde nr. 3, het die mense daar hulle houding verander,dw.s. hulle het 'n dreigende houding ingeneem? ---Hulle het hulle houding verander; hullehaet 'n dreigende houding ingeneem.

Dit wil sê toerKolonel Spengler my arresteer het, die persone wat daar gewees het, die mense, was bly gewees? --- Nee, ek sê dit nie, en ek het ook nie gesê Kolonel Spengler het hom arresteer nie. Ek het gesê Kolonel Spengler het hom ingeneem, binne na die Polisiestasie toe.

DEUR DIE HOF:

Voordat Kolonel Spengler hom ingeneem het, wat was die houding van die skare? --- Nee, hulle was toe beter maar toe Kolonel Spengler hom inneem, toe het die Edelagbare, atmosfeer verander.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:

As die mense hulle houding so verander het, en toe so 'n slegte houding ingeneem het, waarom het Kolonel Spengler dan hulle leier van hulle weggeneem, en hom nie daar laat staan/....

staan het totdat hy gesien het wat doen hierdie mense nie? --- Ek weet nie wat sy bedoeling was nie.

U het vir die Hof gesê dat die klippe wat daar gegooi was by die Polisiestasie, het u geskat dat dit kon so 'n emmer vol wees? --- Ja.

Waar het u dan gestaan op die stadium toe die klippe gegooi was? --- Ek het omtrent twee of drie tree van Kolonel Pienaar gestaan.

Dit meen dat die klippe nie in u rigting, asook die rigting van Kolonel Pienaar, waar die twee van julle gestaan het, gegooi was nie? --- Nee, die meeste klippe het in die rigting van die hek, waar Kolonel Spengler was, getrek. Die meeste klippe was in daardie rigting gegooi.

Ek het nie goed verstaan nie. As ek verkeerd is moet u dit aan my sê. Het u die mense geskat as 14,000 of 15,000? --- Nee, ek het aan die Hof gesê ek het geskat ongeveer tussen 15,000 en 18,000 rondom die Polisiestasie.

**DEUR DIE HOF:**

Aan watter kant was die grootste samedromming? --- Die grootste samedromming was in Zwanestraat aan die suidekant, en in die straat wat nie 'n naam het aan die westekant nie.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:**

Kan ek miskien een van die fotos kry Edelagbare, wat die skare aandui?

**DEUR DIE HOF:**

Wys vir hom bewysstuk 13.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:**

Kan u nou wys op die foto waar die meeste van die mense gestaan het? --- Edelagbare, die meeste van hierdie persone staan in Zwanestraat, voor die Polisiestasie aan die suidekant.

Kan u vir my nou sê, die klippe wat na Kolonel Spengler/....

Spengler gegooi was, waar het hy gestaan? --Het hy in 'n westelike rigting gestaan van die Polisiestasie, of in'n suidelike rigting? --- Edelagbare, ek kan tog net noem dat die kiekie is nie met die skietery geneem nie; die mense kom nie hierop voor nie. Hierdie kiekie moes baie vroeër in die dag geneem gewees het. Kolonel Spengler het by die groot hek aan die westekant - daar staan so 'n groepie mense aan die binnekant - gestaan; dit is daar Edelagbare.

Is daar 'n foto wat die klippe aandui, nadat die klippe gegooi is?

DEUR DIE HOF:

Ek weet nie. Daar is nog nie een aan my getoon nie. As jy na bewysstukke "A" en 14 kyk dan sien jy daar heelwat klippe rondlê.

(Die Aanklaer deel die Hof mee dat hy nie so 'n plan beskikbaar het nie).

DEUR DIE HOF:

Sê vir beskuldigde nr. 3 dat as daar ooit so 'n portret ingedien word, dan kan hy vir permissie vra om die getuie terug te roep. Dit sal die beskuldigdes vry staan, omdat dit so 'n lang saak is, om op enige stadium aansoek te doen om getuies weer te herroep.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:

U het nou alreeds die punt aangedui waar Kolonel Spengler gestaan het. Die klippe wat gegooi was, het hulle vanaf die rigting vanwaar die persoon gestaan het gekom, d.w.s. op die westekant van die Polisiestasie, of vanaf die skare wat in Zwanestraat gestaan het? --- Die klippe het gekom van die skare in die straatjie tussen die Polisiestasie en die kliniek, d.i. die skare reg voor die groot hek aan die westekant.

Die/....

Die klippe wat daar gegooi is, is dit die klippe wat dan veroorsaak het dat die Polisie begin skiet het? --- Dit mag so wees Edelagbare.

As dit dan die skare wat aan die westelike kant van die Polisiestasie gestaan het was wat die klippe gegooi het waarom was dan die skare in Zwanestraat geskiet? Ek het hulle gesien val daar, en waarom was hulle geskiet? --- Ek het nie geskiet nie, en ek weet nie.

**DEUR DIE HOF:**

Laat ek dit so stel. Jy weet nie of daar persone is wat in Zwanestraat gestaan het wat geskiet is nie? --- Dit is onmoontlik om te sê. Ek kan dit nie sê nie, maar daar het wel, na die skietery, mense op die hoek van Zwanestraat en die straat gelê.

Dit is op die hoek van Zwanestraat en die straat sonder 'n naam? --- Dit is reg.

Maar die noord-oostelike hoek, by die Polisiestasie? ---Ja.

Of die noord-westelike hoek teenoor dit? --- Nee, die hoek naby aan die kliniek, en daar was wel een lyk in Zwanestraat, ver, na die oostekant.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:**

Ek het u hoor sê, toe u daar by die Polisiestasie aangekom het, u het vir my, beskuldigde nr. 3, beskuldigde nr. 4 en beskuldigde nr. 39 daar aangetref? --- Ek het hulle gesien ja, maar hulle was nie bymekaar nie.

**DEUR DIE HOF:**

Dit is nou na die skietery? --- Nee, lank voor die skietery.

**KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:**

Voor die skietery soos u sê was ek, beskuldigde nr. 3, en beskuldigde nr. 4, toe arresteer en weggeneem. Waar

was/....

was beskuldigde nr. 39 op daardie tydstip? ---- Ek het hom gladnie meer gesien nie.

En u moet my korrigeer as ek verkeerd is nou. Daar was lede van die Polisiemag wat die mense vanaf die pad, waar die voertuie moes in gery het, verwyder het en aan die kante laat staan? ---- Nee, dit mag wees voordat ek ingekom het, maar ek het wel gesien dat toe Kolonel Pienaar se kar wou inkom, was daar te veel mense voor, en daar het lede van die Polisie pogings aangewend om vir hom 'n pad oop te maak.

Nou verstaan ek nie die posisie van die mense wat u beweer het klippe gegooi het.nieNou, die lede van die Polisiemag wat geskiet het met die Sten-gewere, het die Polisie met die persone gekies wat klippe gegooi het, of het hulle sommer in die algemeen geskiet? ---- Ek kan dit nie sê nie.

Ek het u hoor sê dat altyd daar waar politieke vergaderings gehou word, is daar oproerigheid, is dit so? ---- Ek het so gesê.

Maar dit laat my wonder. As ek nou praat - u kan miskien 'n lid wees van die Nasionale Party - ek het lede van die Nasionale Party gesien vergaderings hou, maar ek het nog nooit oproerigheid of moeilikheid daar gesien nie? ---- Edelagbare, ek het nie van blanke politieke vergaderings gepraat nie. Ek het van Bantoe politieke vergaderings gepraat, en ek het ook gesê dat ons sien dit in die koerante dat daar altyd moeilikheid is.

As u nou sê dit is net die vergaderings van die Bantoes, d.i. politieke vergaderings, wat die oproerighede veroorsaak, dan moet dit dat ek, as ek 'n lid mag wees van die P.A.C., dat die mense wil my nie hê nie omdat hulle oproerighede veroorsaak? ---- Nee, ek sê dit nie van hom nie. Ek kan nie sê dat sy vergaderings moeilikheid sal veroorsaak nie.

Dit laat my verder wonder, omdat u het vir die Hof

gesê/....

gesê dat u het my na u kantoor geroep en daar het u my 'n
waarskuwing gegee, dat as u weer hoor dat die P.A.C. daar
moeilikheid in die lokasie maak, dan sal u my vervolg? —— Ek
het in my getuienis gesê dat ek hom gewaarsku het. Ek het
nie van die P.A.C. met hom daar... gesê dat ek die P.A.C.
waarsku. As hy reg onthou sal hy onthou dat sy vader ook
teenwoordig was.

U sê u het net vir my gewaarsku en nie die P.A.C.
nie? ——Ek het gesê hy moet sy bedrywighede staak, en nie
moeilikheid in die lokasie veroorsaak nie.

En glo dit was dan op die 3de Desember as ek nie
'n fout maak nie? —— Nee, op die 30ste Edelagbare, en sy
vader was teenwoordig.

Na dit was daar geen moeilikheid tot die 20ste
Maart nie? —— Daar was nie onluste nie.

Maar u erken dat daar was moeilikheid wat deur P.A.C.
veroorsaak was op die 21ste Maart? ——Daar was moeilikheid.
Almal weet van die onluste op die 21ste.

Sover as u weet was die moeilikheid deur die
P.A.C. veroorsaak, of deur Kolonel Pienaar en die Polisie? ——
Dit is moeilik om te sê.

Behalwe die beskuldigdes wat u alreeds by name
genoem het, sien u die ander beskuldigdes hou voor die Hof? ——
Ja Edelagbare.

Het u die ander beskuldigdes gesien op die 21ste,
of die 20ste, soos u gesê het daar was moeilikheid gewees? ——
Waar?

By enige plek waar u 'n groepie teëgekom het? ——
Ek kan nie onthou dat ek die ander gesien het nie.

Geen verdere vrae nie.

**HOF VERDAAG TOT 21.1011960.**